BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Vrydag, 11 Oktober 1968** **WINDHOEK** **Friday, 11 October 1968** **No. 2931**

INHOUD **CONTENTS** *Bladsy/Page*

Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

GOEWERMENTSKENNESGEWING.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. R.1704.] [27 September 1968.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

LASLYNREGULASIES, 1968

Die Minister van Vervoer het, kragtens die bepalings van artikel 356 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, die Laslynregulasies, 1960, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.119 van 22 Januarie 1960, soos gewysig, herroep en kragtens genoemde artikel die regulasies in bygaande Bylae vervat, uitgevaardig met ingang, in beide gevalle, vanaf die datum van afkondiging hiervan.

BYLAE

RANGSKIKKING VAN REGULASIES

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R.1704.] [27th September, 1968.

LOAD LINE REGULATIONS, 1968

The Minister of Transport has, under the provisions of section 356 of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, repealed the Load Line Regulations, 1960 promulgated by Government Notice No. R.119 dated 22nd January 1960, as amended, and has in terms of the said section, made the regulations contained in the Schedule hereto, with effect in each case from the date of promulgation hereof.

THE SCHEDULE

ARRANGEMENT OF REGULATIONS

INLEIDENDE BEPALINGS

1. TITEL VAN HIERDIE REGULASIES

Hierdie regulasies staan bekend as die Laslynregulasies, 1968.

2. WOORDBETEKENIS*

In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951) en, tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis toegeken is, wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, die aldus toegekende betekenis, en beteken—

„midskeeps" die middel van die lengte (L);

„goedgekeur" deur die Owerheid goedgekeur;

*Vir die toepassing van hierdie regulasies het die Minister die volgende beamptes as „bevoegde beamptes" in die Republiek aangewys:

Te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Walvisbaai en Saldanhabaai: Die Eerste Beampte van die Marineafdeling.

Te Oos-Londen, Mosselbaai, Port Nolloth en Luderitz: Die Koopvaardymeester.

PRELIMINARY

1. TITLE OF THESE REGULATIONS

These regulations are called the Load Line Regulations, 1968.

2. INTERPRETATION*

In these regulations the expression "the Act" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning as assigned, and—

"amidships" means the middle of the length (L);

"approved" means approved by the Authority;

*For the purposes of these regulations, the Minister has designated the following officers as "proper officers" in the Republic:

At Cape Town, Durban, Port Elizabeth, Walvis Bay and Saldanha Bay: The Principal Officer of the Marine Division.

At East London, Mossel Bay, Port Nolloth and Luderitz: The Shipping Master.

†„Toewysende Owerheid" die Minister ten opsigte van 'n internasionale laslynskip, die Sekretaris ten opsigte van 'n plaaslike laslynskip, of enige organisasie wat deur die Minister goedgekeur is ten opsigte van enige skip;

„Owerheid" die Minister ten opsigte van 'n internasionale laslynskip of die Sekretaris ten opsigte van 'n plaaslike laslynskip;

„breedte (B)" die maksimum breedte van die skip midskeeps gemeet tot die buitekant van die spante by 'n skip met 'n huid van metaal en tot die buitevlak van die romp by 'n skip met 'n huid van enige ander materiaal;

„voorwaardes van toewysing" die voorwaardes van toewysing soos in dele II en III uiteengesit;

„gebou na of nie later as enige datum nie" dat die kiel van die skip gelê is of 'n ooreenstemmende konstruksiestadium bereik is na, of nie later nie, as daardie datum, na gelang van die geval;

„holte vir berekening van die vryboord (D)" die holte midskeeps plus die dikte van die vryboorddek-stringerplaat waar dit vasgemaak is, plus $\frac{T(L-S)}{L}$ indien die blootgestelde vryboorddek beklee is waarby—

T die gemiddelde dikte van die blootgestelde bekleding vry van dekopenings is, en

S die totale lengte van die bobou is.

By 'n skip wat 'n gerronde boordwand het met 'n straal van meer as 4 persent van die breedte (B) of met bokante van 'n ongewone vorm, is die holte vir die berekening van die vryboord die holte vir die berekening van die vryboord van 'n skip wat 'n grootspant het met vertikale bokante en met dieselfde dwarsbalkronding en oppervlakte van die boonste deel as dié van die werklike grootspant;

„ingeslote bobou" 'n bobou met—

(i) eindbeskotte van doeltreffende konstruksie;

(ii) toegangsopenings, indien enige, in beskotte wat van deure voorsien is wat aan die vereistes van regulasie 21 voldoen of sluitingsmiddels wat aan die vereistes van regulasie 96 of 97 voldoen, na gelang van die geval;

(iii) alle ander openings in sye of ente van die bobou wat van doeltreffende weervaste sluitingsmiddels voorsien is;

„bestaande skip" 'n skip wat nie 'n nuwe skip is nie;

„gladdedekskip" 'n skip wat geen bobou op die vryboorddek het nie;

„vryboord" die vertikale afstand tussen die boonste rand van die vryboorddek aan die sy en die water waarin die skip dryf;

„vryboord toegewys" die afstand wat midskeeps vertikaal gemeet word vanaf die boonste rand van die deklyn tot die boonste rand van die verwante laslyn;

„vryboorddek" normaalweg die boonste deurlopende dek wat aan wind en weer en die see blootgestel is, en wat permanente middels het vir die sluiting van alle openings in die deel wat aan weer en wind blootgestel is, en waaronder alle openings in die sykante van die skip toegerus is met permanente middels vir waterdigte afsluiting. By 'n skip wat 'n nie-deurlopende vryboorddek het, word die laagste

†Vir die toepassing van hierdie regulasies het die Minister die volgende organisasies as Toewysende Owerhede goedgekeur:
Lloyd's Register of Shipping.
Bureau Veritas.
American Bureau of Shipping.
Germanischer Lloyd.
Hellenic Register of Shipping.
Det Norske Veritas.

†"Assigning Authority" means the Minister in respect of an international load line ship, the Secretary in respect of a local load line ship, or any organization approved by the Minister in respect of any ship;

"Authority" means the Minister in respect of an international load line ship or the Secretary in respect of a local load line ship;

"breadth (B)" means the maximum breadth of the ship measured amidships to the moulded line of the frame in a ship with a metal shell and to the outer surface of the hull in a ship with a shell of any other material;

"conditions of assignment" means the conditions of assignment set out in Parts II and III;

"constructed after or not later than any date" means that the keel of the ship was laid, or a similar stage of construction was reached after, or not later than, that date, as the case may be;

"depth for freeboard (D)" means the moulded depth amidship plus the thickness of the freeboard deck stringer plate, where fitted, plus $\frac{T(L-S)}{L}$ if the exposed freeboard deck is sheathed, where

T is the mean thickness of the exposed sheathing clear of deck openings, and

S is the total length of superstructures.

In a ship having a rounded gunwale with a radius greater than 4 per cent of the breadth (B) or having topsides of unusual form, the depth for freeboard shall be the depth for freeboard of a ship having a midship section with vertical topsides and with the same round of beam and area of topside section as that provided by the actual midship section;

"enclosed superstructure" means a superstructure having—

(i) enclosing bulkheads of efficient construction;

(ii) access openings, if any, in the bulkheads fitted with doors complying with the requirements of regulation 21 or closing appliances complying with regulation 96 or 97, as the case may be;

(iii) all other openings in the sides or ends of the superstructure fitted with efficient weathertight means of closing;

"existing ship" means a ship which is not a new ship;

"flush deck ship" means a ship which has no superstructure upon the freeboard deck;

"freeboard" means the vertical distance between the upper edge of the freeboard deck at side and the water in which the ship is floating;

"freeboard assigned" means the distance measured vertically amidship from the upper edge of the deck line to the upper edge of the related load line;

"freeboard deck" means, normally, the uppermost complete deck exposed to weather and sea which has permanent means of closing all openings in the weather part thereof and below which all openings in the ship's side are fitted with permanent means of watertight closing. In a ship having a discontinuous freeboard deck, the lowest line of the

†For the purposes of these regulations, the Minister has approved the following organisations as Assigning Authorities:
Lloyd's Register of Shipping.
Bureau Veritas.
American Bureau of Shipping.
Germanischer Lloyd.
Hellenic Register of Shipping.
Det Norske Veritas.

lyn van die blootgestelde dek en die voortsetting van daardie lyn parallel met die boonste deel van die dek, beskou as die vryboorddek. Volgens die keuse van die eienaar en onderworpe aan goedkeuring deur die Toewysende Owerheid, kan 'n tussendek as die vryboorddek aangedui word, mits dit 'n deurlopende en permanente dek is wat deurloop na agter en na voor tenminste tussen die masjienruimte en die boonste beskotte en wat ook dwarsskeeps deurloop. Wanneer hierdie tussendek trapvormig is, word die laagste lyn van die dek en die voortsetting van daardie lyn parallel met die boonste deel van die dek, beskou as die vryboorddek. Wanneer 'n tussendek as die vryboorddek aangedui word, word die deel van die romp wat bo die vryboorddek uitsteek, beskou as 'n bobou vir sover dit die toepassing van die voorwaardes van toewysing en die berekening van die vryboord betref;

„lengte (L)" die lengte wat in vryboordberekenings gebruik word en wat beskou word as 96 persent van die totale lengte op 'n waterlyn by 85 persent van die kleinste holte in die sye gemeet vanaf die bokant van die kiel, of die lengte van die voorkant van die voorstewe tot die as van die roerkoning op daardie waterlyn as dit groter is. In 'n skip wat met 'n helling van die kiel ontwerp is, moet die waterlyn waarlangs hierdie lengte gemeet word, parallel wees met die ontwerpwaterlyn;

„holte in die sye" die vertikale afstand vanaf die bokant van die kiel tot die bokant van die vryboorddekbalk aan die sykant. In 'n skip van hout of 'n skip van meer as een materiaal gemaak, word die afstand gemeet vanaf die onderste rand van die kielspanning. Wanneer die onderste deel van die midskeepse deel hol van vorm is, of waar dik bodemplanke aangebring is, word die afstand gemeet vanaf die punt waar die lyn van die plat gedeelte van die bodem wat inwaarts loop die sy van die kiel sny. By 'n skip met geronde boordwande, word die holte in die sye gemeet tot by die snypunt van die buitekante van die dek en sye, waarby hierdie buitekante deurloop asof die boordwand 'n hoekige ontwerp het. Waar die vryboorddek trapvormig is en die verhoogde deel van die dek verby die punt strek waar die holte in die sye bepaal moet word, word die holte in die sye gemeet tot by 'n verwysingslyn wat van die onderste deel van die dek al langs 'n lyn parallel met die verhoogde deel loop.

„nuwe skip" 'n skip waarvan die kiel gelê is of wat 'n ooreenstemmende konstruksiestadium bereik het op of na 21 Julie 1968;

„loodlyne" die loodlyne by die voorste en agterste punte van die lengte (L). Die voorste loodlyn moet saamval met die voorkant van die voorstewe op die waterlyn waarlangs die lengte gemeet word.

„seilskip" 'n skip wat van 'n voldoende seiloppervlakte voorsien is om uitsluitlik deur middel van seile voortbeweeg te word, ongeag of dit met meganiese aandryfmiddels toegerus is;

„bobou" 'n oordekte konstruksie op die vryboorddek wat van kant tot kant van die skip strek of met syplate wat nie meer as 4 persent van die breedte (B) binneboords van die huidbeplating is nie, en sluit 'n verhoogde agterdek in.

„boboudek" die dek wat die bokant van 'n bobou uitmaak;

„tenkskip" 'n bestaande skip wat spesiaal gebou is vir die vervoer van onverpakte vloeistowwe;

„deklading hout" 'n lading hout wat op 'n onoordekte deel van 'n vryboord- of boboudek vervoer word, maar omvat nie 'n houtpap of 'n dergelike stof nie;

exposed deck and the continuation of that line parallel to the upper part of the deck shall be taken as the freeboard deck. At the option of the owner, and subject to the approval of the Assigning Authority, a lower deck may be designated as the freeboard deck provided it is a complete and permanent deck continuous in a fore and aft direction at least between the machinery space and peak bulkheads, and continuous athwartships. When such lower deck is stepped, the lowest line of the deck and the continuation of that line parallel to the upper part of the deck shall be taken as the freeboard deck. When the lower deck is designated as the freeboard deck, that part of the hull which extends above the freeboard deck shall be treated as a superstructure as far as concerns the application of the conditions of assignment and the calculation of freeboard;

"length (L)" means the length used in freeboard calculations and shall be taken as 96 per cent of the total length on a waterline at 85 per cent of the least moulded depth measured from the top of the keel, or as the length from the fore side of the stem to the axis of the rudder stock on that waterline, if that be greater. In a ship designed with a rake of keel, the waterline on which this length is measured shall be parallel to the designed waterline;

"moulded depth" means the vertical distance from the top of the keel to the top of the freeboard deck beam at side. In a wood or composite ship the distance shall be measured from the lower edge of the keel rabbet. Where the form at the lower part of the midship section is of a hollow character, or where thick garboards are fitted, the distance shall be measured from the point where the line of the flat of the bottom, continued inwards, cuts the keel. In a ship having rounded gunwales, the moulded depth shall be measured to the point of intersection of the moulded lines of the deck and sides, the lines extending as if the gunwale were of angular design. Where the freeboard deck is stepped and the raised part of the deck extends over the point at which the moulded depth is to be determined, the moulded depth shall be measured to a line of reference extending from the lower part of the deck along a line parallel with the raised part;

"new ship" means a ship the keel of which was laid, or which was at a similar stage of construction, on or after 21 July 1968;

"perpendiculars" means the perpendiculars at the forward and after ends of the length (L). The forward perpendicular shall coincide with the forside of the stem on the waterline on which the length is measured;

"sailing ship" means a ship provided with sufficient sail area for navigation under sail alone whether or not fitted with mechanical means of propulsion;

"superstructure" means a decked structure on the freeboard deck, extending from side to side of the ship or with the side plating not being inboard of the shell plating more than 4 per cent of the breadth (B), and includes a raised quarter deck;

"superstructure deck" means the deck forming the top of a superstructure;

"tanker" means an existing ship specially constructed for the carriage of liquids in bulk;

"timber deck cargo" means a cargo of timber carried on an uncovered part of a freeboard deck or a superstructure deck, but does not include a cargo of wood pulp or similar substance;

„houtvaartvryboord" 'n vryboord wat in Hoofstuk V van Deel II of Hoofstuk IV van Deel III toegewys is;

„weervas" dat onder enige omstandighede op see geen water in die skip sal indring nie.

3. Toepassing van hierdie Regulasies

Hierdie regulasies is van toepassing op—

(*a*) elke laslynskip wat in die Republiek geregistreer is; en

(*b*) elke laslynskip wat nie in die Republiek geregistreer is nie ten opsigte waarvan 'n spesiale laslynsertifikaat kragtens die bepalings van artikel 217 van die Wet uitgereik is,

soos in die onderskeie Dele uiteengesit.

DEEL I

HOOFSTUK I: TOEPASSING

4. Toepassing van Deel I

Hierdie Hoofstuk is, tensy anders daarin aangedui, van toepassing op elke skip.

HOOFSTUK II: ONDERSOEKE

5. Aansoek om Ondersoek voor die Uitreiking of Hernuwing van 'n Laslynsertifikaat

Elke aansoek om die ondersoek van 'n skip voor die uitreiking of hernuwing van 'n laslynsertifikaat moet by die bevoegde beampte of Toewysende Owerheid gedoen word en moet vergesel word deur sodanige inligting as wat die bevoegde beampte of Toewysende Owerheid mag verlang.

6. Laslynondersoek voor die Uitreiking of Hernuwing van 'n Laslynsertifikaat

By ontvangs van die aansoek om ondersoek voor die uitreiking of hernuwing van 'n laslynsertifikaat, laat die bevoegde beampte of Toewysende Owerheid, na gelang van die geval, die skip ondersoek deur 'n bevoegde opnemer. By voltooiing van die ondersoek moet die opnemer 'n verslag, in die vorm soos in Aanhangsel 1 uiteengesit, voltooi.

7. Aansoek om 'n Laslynsertifikaat

Aansoek om die uitreiking of hernuwing van 'n laslynsertifikaat moet deur die eienaar van die skip by die bevoegde beampte gedoen word.

8. Tussentydse Ondersoeke

(1) Die eienaar van elke skip ten opsigte waarvan 'n laslynsertifikaat uitgereik is, moet so lank die sertifikaat van krag bly, die skip jaarliks laat ondersoek om vas te stel of sy sertifikaat van krag moet bly.

(2) Elke aansoek om die ondersoek van 'n skip ooreenkomstig hierdie regulasie moet by die Toewysende Owerheid gedoen word wat die laslynsertifikaat ten opsigte van die betrokke skip uitgereik het.

(3) Die opnemer moet die skip ondersoek en homself oortuig dat—

(*a*) aan die voorwaardes van toewysing steeds voldoen word;

(*b*) geen wesenlike veranderings aan die romp of bobou van die skip plaasgevind het wat die posisie van die laslyne kan affekteer nie; en

(*c*) die posisie van die laslyne met die sertifikaat ooreenstem,

"timber freeboard" means a freeboard assigned under Chapter V of Part II or Chapter IV of Part III.

"weathertight" means that in any sea condition water will not penetrate into the ship.

3. Application of these Regulations

These regulations apply to—

(*a*) every load line ship registered in the Republic; and

(*b*) every load line ship not registered in the Republic in respect of which a special load line certificate is issued under the provisions of section 217 of the Act,

as set forth in the respective Parts.

PART I

CHAPTER I: APPLICATION

4. Application of Part I

This Part, unless otherwise indicated therein, applies to every ship.

CHAPTER II: SURVEYS

5. Application for Survey Prior to the Issue or Renewal of a Load Line Certificate

Every application for the survey of a ship prior to the issue or renewal of a load line certificate shall be made to the proper officer or Assigning Authority and shall be accompanied by such information as the proper officer or Assigning Authority may require.

6. Load Line Survey Prior to the Issue or Renewal of a Load Line Certificate

The proper officer or Assigning Authority, as the case may be, shall upon receipt of the application for survey prior to the issue or renewal of a load line certificate, cause the ship to be surveyed by a qualified surveyor. The surveyor shall, on completion of the survey, complete a report in the form set forth in Annex 1.

7. Application for a Load Line Certificate

Every application for the issue or renewal of a load line certificate shall be made by the owner of the ship to the proper officer.

8. Intermediate Surveys

(1) The owner of every ship in respect of which a load line certificate has been issued shall, so long as the certificate remains in force, cause the ship to be surveyed annually for the purpose of seeing whether the certificate should remain in force.

(2) Every application for the survey of a ship in accordance with this regulation shall be made to the Assigning Authority who issued the load line certificate in respect of the ship concerned.

(3) The surveyor shall survey the ship and satisfy himself that—

(*a*) the conditions of assignment continue to be complied with;

(*b*) no material alterations have been made to the hull or superstructures of the ship that could affect the position of the load lines; and

(*c*) the position of the load lines corresponds with the certificate,

en moet die betrokke laslynsertifikaat endosseer soos daarin bepaal.

(4) By voltooiing van die ondersoek moet die opnemer 'n verslag, in die vorm soos in Aanhangsel 1 uiteengesit, voltooi.

HOOFSTUK III: LASLYNMERKE

9. SKIP MOET GEMERK WORD

By ontvangs van die Toewysende Owerheid van die besonderhede aangaande die deklyn en laslyne, laat die eienaar die toepaslike merke op die skip aanbring in ooreenstemming met hierdie Hoofstuk: Met dien verstande dat die Noord-Atlantiese wintermerke nie op 'n plaaslike laslynskip of op enige skip wat op internasionale reise tussen naburige hawens van twee of meer lande vaar, hoef aangebring te word nie.

10. METODE VAN MERKING VAN 'N SKIP

Die sirkel, lyne en letters moet in wit of geel op 'n donker agtergrond of swart op 'n ligte agtergrond geverf word. Hulle moet ook permanent aangebring word op die sykante van die skip, tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid. Die merke moet duidelik leesbaar wees en, indien nodig, moet spesiale maatreëls vir hierdie doel getref word.

11. MERKE OP 'N SKIP

(1) Behoudens die bepalings van regulasies 9, 12, 13 en 15, moet 'n skip aan weerskante met 'n deklyn, 'n laslynmerk en laslyne as volg gemerk word—

(*a*) 'n deklyn wat 'n horisontale lyn 12 duim lank en 1 duim breed moet wees, midskeeps aangebring, waarvan die bokant deur die punt loop waar die uitwaartse voortsetting van die bovlak van die vryboorddek die buitevlak van die huid sny, soos in figuur 1 aangetoon: Met dien verstande dat die deklyn aangebring mag word met verwysing na 'n ander vaste punt op die skip op voorwaarde dat die vryboord dienooreenkomstig aangepas word. Die plek van die verwysingspunt en die identifikasie van die vryboorddek moet altyd op die internasionale laslynsertifikaat (1966) of plaaslike laslynsertifikaat aangegee word;

(*b*) 'n laslynmerk wat 'n sirkel moet wees met 'n buitediameter van 12 duim en wat 1 duim breed is wat gesny word deur 'n horisontale lyn met 'n lengte van 18 duim en 'n breedte van 1 duim en waarvan die middelpunt van die bokant deur die middelpunt van die sirkel loop. Die middelpunt van die sirkel word midskeeps geplaas op 'n vertikale afstand wat gelyk is aan die toegewese somervryboord onder die bokant van die deklyn, soos in figuur 2 aangetoon;

(*c*) horisontale lyne 9 duim lank en 1 duim breed wat, tensy uitdruklik anders bepaal, begin by en loodreg staan op 'n vertikale lyn 1 duim breed en aangebring is op 'n afstand van 21 duim voor die middelpunt van die sirkel, soos in figuur 2 aangetoon. Hierdie lyne is—

(i) die Somerlaslyn, aangedui deur die letter S. Hierdie lyn moet op dieselfde horisontale vlak wees as die lyn wat deur die middelpunt van die sirkel loop;

(ii) die Winterlaslyn, aangedui deur die letter W;

(iii) die Noord-Atlantiese Winterlaslyn, aangedui deur die letters WNA;

(iv) die Tropiese Laslyn, aangedui deur die letter T;

(v) die Soetwaterlaslyn in die Somer, aangedui deur die letters SW. Hierdie lyn moet agter die vertikale lyn aangebring word;

and shall endorse the relative load line certificate as provided thereon.

(4) The surveyor shall, on completion of the survey, complete a report in the form set forth in Annex 1.

CHAPTER III: LOAD LINE MARKS

9. SHIP TO BE MARKED

On receiving from the Assigning Authority the particulars as to the deck line and load lines, the owner shall cause the appropriate marks to be marked on the ship in accordance with this Chapter: Provided that the Winter North Atlantic marking need not be made on a local load line ship or on any ship plying on international voyages between near neighbouring ports of two or more countries.

10. METHOD OF MARKING OF SHIP

The ring, lines and letters shall be painted in white or yellow on a dark ground or in black on a light ground. They shall also be permanently marked on the sides of the ship to the satisfaction of the Assigning Authority. The marks shall be plainly visible and, if necessary, special arrangements shall be made to this end.

11. MARKS ON A SHIP

(1) Subject to the provisions of regulations 9, 12, 13 and 15, a ship shall be marked on each side with a deck line, a load line mark and load lines as follows—

(*a*) a deck line, which shall be a horizontal line 12 inches in length and 1 inch in breadth marked amidship with its upper edge passing through the point where the continuation outwards of the upper surface of the freeboard deck intersects the outer surface of the shell, as reflected in figure 1: Provided that the deck line may be placed with reference to another fixed point on the ship on condition that the freeboard is adjusted accordingly. The location of the reference point and the identification of the freeboard deck shall in all cases be indicated on the International Load Line Certificate (1966) or Local Load Line Certificate;

(*b*) a load line mark, which shall be a ring 12 inches in outside diameter and 1 inch wide which is intersected by a horizontal line 18 inches in length and 1 inch in breadth the midpoint of the upper edge of which passes through the centre of the ring. The centre of the ring shall be placed amidships and at a vertical distance equal to the assigned summer freeboard below the upper edge of the deck line, as reflected in figure 2;

(*c*) horizontal lines 9 inches in length and 1 inch in breadth which extend forward of, unless expressly provided otherwise, and at right angles to, a vertical line 1 inch in breadth marked at a distance of 21 inches forward of the centre of the ring, as reflected in figure 2. These lines are—

(i) the Summer Load Line, indicated by the letter S. This line shall be on the same horizontal level as the line through the centre of the ring;

(ii) the Winter Load Line, indicated by the letter W;

(iii) the Winter North Atlantic Load Line, indicated by the letters WNA;

(iv) the Tropical Load Line, indicated by the letter T;

(v) the Fresh Water Load Line in summer, indicated by the letter F. This line shall be marked abaft the vertical line;



Fig. 1. Deklyn.



Fig. 2. Laslynmerk en lyne vir gebruik saam met hierdie merk.



Fig. 3. Houtmaatlaslynmerk en lyne vir gebruik saam met hierdie merk.



Fig. 4. Laslynmerk op seilskepe en lyne vir gebruik saam met hierdie merk.

*



Fig. 1 Deck Line.



Fig. 2. Load Line Mark and lines to be used with this mark.



Fig. 3. Timber Load Line Mark and lines to be used with this mark.



Fig. 4. Load Line Mark on sailing ships and lines to be used with this mark.

*

(vi) die Tropiese Soetwaterlaslyn, aangedui deur die letters TSW. Hierdie lyn moet agter die vertikale lyn aangebring word.

(2) Die bokant van die onderskeie lyne in subregulasie (1) (*b*) en (*c*) gemeld, dui die maksimum diepte aan tot waar die skip onder verskillende omstandighede en in verskillende seisoene gelaai mag word.

12. Merke op 'n Seilskip

'n Seilskip moet aan weerskante met 'n deklyn, 'n laslynmerk en 'n Noord-Atlantiese Winterlaslyn gemerk word soos in regulasie 11 bepaal en met 'n Soetwaterlaslyn wat aangedui word deur die bokant van 'n lyn gemerk F, soos in figuur 4 aangetoon.

13. Houtvaartlaslyne

(1) Elke skip waaraan 'n houtvaartlaslyn toegewys word, moet bo en behalwe die lyne by regulasie 11 voorgeskryf, met die volgende lyne gemerk word—

horisontale lyne 9 duim lank en 1 duim breed wat agtertoe loop, tensy uitdruklik anders bepaal, en loodreg op 'n vertikale lyn staan wat 1 duim breed is en aangebring is op 'n afstand van 21 duim agter die middelpunt van die sirkel, soos in figuur 3 aangetoon. Hierdie lyne is—

(i) die Somerhoutvaartlaslyn, aangedui deur die letters HS;

(ii) die Winterhoutvaartlaslyn, aangedui deur die letters HW;

(iii) die Noord-Atlantiese Winterhoutvaartlaslyn, aangedui deur die letters HWNA;

(iv) die Tropiese Houtvaartlaslyn, aangedui deur die letters HT;

(v) die Soetwaterhoutvaartlaslyn in die Somer, aangedui deur die letters HSW. Hierdie lyn moet voor die vertikale lyn aangebring word;

(vi) die Tropiese Soetwaterhoutvaartlaslyn, aangedui deur die letters HSWT. Hierdie lyn moet voor die vertikale lyn aangebring word.

(2) Die bokant van die onderskeie lyne in subregulasie (1) (i) tot (vi) gemeld, dui die maksimum diepte aan tot waar die skip onder verskillende omstandighede en in verskillende seisoene gelaai mag word.

14. Soetwater-toelating

Die verskil tussen die Soetwaterlaslyn in die somer en die Somerlaslyn is die korreksie wat toegepas word vir die laai in soetwater by ander laslyne. Die verskil tussen die Soetwaterhoutvaartlaslyn in die somer en die Somerhoutvaartlaslyn is die korreksie wat toegepas word vir laai in soetwater by die ander houtvaartlaslyne.

15. Bykomstige of Weggelate Laslyne

(1) Wanneer die kenmerke van 'n skip of die aard van sy diens of navigasiegrense, enige van die seisoenslaslyne ontoepaslik maak, kan hierdie lyne weggelaat word.

(2) Wanneer aan 'n skip meer as die minimum vryboord toegewys is sodat die laslynmerk verskyn in 'n posisie wat ooreenstem met, of laer is as die laagste seisoenslaslyn toegewys by minimum vryboord ingevolge die Laslynkonvensie, hoef slegs die Soetwaterlaslyn aangebring te word.

(3) Wanneer die Noord-Atlantiese winterlaslyn identies is met die Winterlaslyn wat met dieselfde vertikale lyn ooreenstem, moet hierdie laslyn W gemerk word.

(4) Laslyne, bykomstig by dié wat in hierdie regulasies voorgeskryf word, wat vereis word deur 'n internasionale konvensie, behalwe die Laslynkonvensie, mag loodreg op en agter die vertikale lyn in regulasie 11 (1) (*c*) vereis, aangebring word.

(vi) the Tropical Fresh Water Load Line, indicated by the letters TF. This line shall be marked abaft the vertical line.

(2) The upper edge of the respective lines mentioned in subregulation (1) (*b*) and (*c*) indicates the maximum depth to which the ship may be loaded in different circumstances and in different seasons.

12. Marks on a Sailing Ship

A sailing ship shall be marked on each side with a deck line, a load line mark and a Winter North Atlantic Load Line as provided in regulation 11 and with a Fresh Water Load Line indicated by the upper edge of a line marked F, as reflected in figure 4.

13. Timber Load Lines.

(1) Every ship to which a timber load line has been assigned shall be marked with the following lines in addition to those required by regulation 11—

horizontal lines 9 inches in length and 1 inch in breadth which extend abaft, unless expressly provided otherwise, and are at right angles to, a vertical line 1 inch in breadth marked at a distance of 21 inches abaft the centre of the ring, as reflected in figure 3. These lines are—

(i) the Summer Timber Load Line, indicated by the letters LS;

(ii) the Winter Timber Load Line indicated by the letters LW;

(iii) the Winter North Atlantic Timber Load Line indicated by the letters LWNA;

(iv) the Tropical Timber Load Line indicated by the letters LT;

(v) the Fresh Water Timber Load Line in summer indicated by the letters LF. This line shall be marked forward of the vertical line;

(vi) the Tropical Fresh Water Timber Load Line indicated by the letters LTF. This line shall be marked forward of the vertical line.

(2) The upper edge of the respective lines mentioned in subregulation (1) (i) to (vi) indicates the maximum depth to which the ship may be loaded in different circumstances and in different seasons.

14. Fresh Water Allowance

The difference between the Fresh Water Load Line in summer and the Summer Load Line is the allowance to be made for loading in fresh water to the other load lines. The difference between the Fresh Water Timber Load Line in summer and the Summer Timber Load Line is the allowance to be made for loading in fresh water at the other timber load lines.

15. Additional or Omitted Load Lines

(1) Where the characteristics of a ship or the nature of its service, or navigational limits, make any of the seasonal load lines inapplicable, these lines may be omitted.

(2) Where a ship is assigned a greater than minimum freeboard so that the load line mark is at a position corresponding to, or lower than, the lowest seasonal load line assigned at minimum freeboard in accordance with the Load Line Convention, only the Fresh Water Load Line need be marked.

(3) Where the Winter North Atlantic Load Line is identical with the Winter Load Line corresponding to the same vertical line, this load line shall be marked W.

(4) Load lines, additional to those prescribed in these regulations, which are required by an international convention other than the Load Line Convention, may be marked at right angles to and abaft the vertical line requird by regulation 11 (1) (*c*).

16. MERKE VAN TOEWYSENDE OWERHEID

(1) Elke Suid-Afrikaanse skip moet gemerk word met die letters „S.A.", een aan elke kant van die sirkel van die laslynmerk en bokant die lyn wat deur die middelpunt van die sirkel loop. Elke letter moet ongeveer 4½ x 3 duim wees.

(2) Letters wat die naam aandui van die Toewysende Owerheid, behalwe die Minister of Sekretaris, kan onder die lyn wat deur die middelpunt van die sirkel loop aangebring word. Sodanige letters mag nie meer as 4 in getal wees nie en elk moet van die grootte wees soos in subregulasie (1) gespesifiseer.

17. VORM VAN LASLYNSERTIFIKATE

(1) Elke internasionale laslynsertifikaat moet in die vorm wees soos in Aanhangsel 2 uiteengesit of in sodanige ander vorm wat wesenlik dieselfde is soos die Minister van tyd tot tyd mag gelas.

(2) Elke internasionale laslynvrystellingsertifikaat moet in die vorm wees soos in Aanhangsel 3 uiteengesit of in sodanige ander vorm wat wesenlik dieselfde is soos die Minister van tyd tot tyd mag gelas.

(3) Elke plaaslike laslynsertifikaat moet in die vorm wees soos in Aanhangsel 4 uiteengesit.

(4) Elke plaaslike laslynvrystellingsertifikaat moet in die vorm wees soos in Aanhangsel 5 uiteengesit.

HOOFSTUK V: INLIGTING VIR DOELEINDES VAN LAAI EN BALLAS

18. INLIGTING WAT AAN GESAGVOERDER VERSTREK MOET WORD

Aan die gesagvoerder van elke skip moet voldoende inligting verstrek word, in 'n goedgekeurde vorm, om hom in staat te stel om reëlings te tref vir die laai en ballas van die skip op so 'n manier dat die skepping van enige onaanneemlike spannings in die skip se konstruksie vermy word: Met dien verstande dat die Owerheid van hierdie vereiste kan afsien indien sodanige vereiste ten opsigte van enige skip onnodig geag word.

DEEL II

HOOFSTUK I: TOEPASSING

19. TOEPASSING VAN DEEL II

Hierdie Deel is van toepassing op elke nuwe skip en, indien 'n bestaande skip volgens die mening van die Toewysende Owerheid in staat is om aan al die voorskrifte daarvan te voldoen, ook op elke sodanige bestaande skip.

HOOFSTUK II: VOORWAARDES VAN TOEWYSING

20. STERKTE

Die romp, bobou, skagte en luikhoofde en luike na blootgestelde luikopenings op die dek moet, tensy in hierdie Deel anders bepaal, gebou word ooreenkomstig die hoogste standaard van die vereistes van die Toewysende Owerheid. Die Toewysende Owerheid kan verslapping van die vereistes toelaat ten opsigte van 'n skip waaraan 'n groter vryboord as die minimum toegewys is.

21. DEURE

(1) Alle toegangsopenings in entbeskotte van 'n ingeslote bobou moet van staaldeure of deure van 'n gelykwaardige materiaal voorsien wees wat permanent en stewig aan die beskot bevestig is en van kosyne en verstywingsstyle voorsien wees en so aangebring dat die

16. MARKS OF ASSIGNING AUTHORITY

(1) Every South African ship shall be marked with the letters "SA", one on either side of the ring of the load line mark and above the line through the centre of the ring. Each letter shall measure approximately 4½"×3".

(2) Letters indicating the name of the Assigning Authority other than the Minister or Secretary, may be marked under the line through the centre of the ring. Such letters shall not exceed 4 in number and each shall be of the size specified in subregulation (1).

CHAPTER IV: CERTIFICATES

17. FORM OF LOAD LINE CERTIFICATES

(1) Every international load line certificate shall be in the form set forth in Annex 2 or in such other form substantially to the like effect as the Minister may from time to time direct.

(2) Every international load line exemption certificate shall be in the form set forth in Annex 3 or in such other form substantially to the like effect as the Minister may from time to time direct.

(3) Every local load line certificate shall be in the form set forth in Annex 4.

(4) Every local load line exemption certificate shall be in the form set forth in Annex 5.

CHAPTER V: INFORMATION FOR PURPOSES OF LOADING AND BALLASTING

18. INFORMATION TO BE SUPPLIED TO MASTER

The master of every ship shall be supplied with sufficient information, in an approved form, to enable him to arrange for the loading and ballasting of the ship in such a way as to avoid the creation of any unacceptable stresses in the ship's structure: Provided that the Authority may waive this requirement if it is considered unnecessary in the case of any ship.

PART II

CHAPTER I: APPLICATION

19. APPLICATION OF PART II

This Part applies to every new ship and, if in the opinion of the Assigning Authority an existing ship is capable of complying with all the provisions thereof, also to every such latter ship.

CHAPTER II: CONDITIONS OF ASSIGNMENT

20. STRENGTH

Unless otherwise provided for in this Part, the hull, superstructures, trunks and coamings and hatchway covers to exposed hatchways on deck shall be constructed in conformity with the highest standard of the requirements of the Assigning Authority. The Assigning Authority may grant relaxations from the requirements in respect of a ship to which a greater than minimum freeboard is assigned.

21. DOORS

(1) All access openings in bulkheads at ends of enclosed superstructures shall be fitted with doors of steel or other equivalent material, permanently and strongly attached to the bulkhead, and framed, stiffened and fitted so that the whole structure is of equivalent strength to the unpierced bulkhead and weathertight when closed.

hele konstruksie net so sterk is as die beskot sonder openings, en verder moet hulle wanneer gesluit teen wind en weer bestand wees. Die middels om hierdie deure so te bevestig dat hulle teen wind en weer bestand is, moet bestaan uit pakstukke en klampinrigtings of ander gelykwaardige middels, en moet blywend aan die beskot of aan die deure self bevestig wees, en die deure moet so gehang word dat hul van weerskante van die beskot oop en toegmaak kan word.

(2) Behalwe wanneer andersins in hierdie Deel bepaal, moet die hoogte van die drempels van toegangsopenings in entbeskotte van 'n ingeslote bobou minstens 15 duim bo die dek wees.

22. Posisie van Luik- en Deuropenings en van Lugkokers

Vir die doel van hierdie Deel is twee posisies van luik- en deuropenings en van lugkokers as volg:

Posisie 1—op 'n blootgestelde vryboord- en verhoogde agterdek, en op 'n blootgestelde boboudek voor 'n punt geleë wat hom bevind op 'n kwart van die skip se lengte gemeet vanaf die voorste loodlyn;

Posisie 2—op 'n blootgestelde boboudek geleë agter 'n kwart van die skip se lengte, gemeet vanaf die voorste loodlyn.

23. Vrag- en Ander Luikopenings

Die bou en middels om die weerbestandheid van vrag- en ander luikopenings in posisies 1 en 2 te verseker, moet minstens gelyk wees aan die vereistes van regulasies 24 en 25.

24. Luikopenings met Verplaasbare Luike Gesluit en Weerbestand Bevestig met Teerseile en Vaskeginrigtings

(1) *Luikhoofde*

Die hoofde van luikopenings met verplaasbare luike toegemaak en weerbestand bevestig deur middel van teerseile en vaskeg-inrigtings moet stewig gebou wees, en hul hoogte bo die dek moet minstens soos volg wees:

indien in posisie 1, 23½ duim;
indien in posisie 2, 17½ duim;

(2) *Luike*

(*a*) Die breedte van elke dravlak vir luike moet minstens 2½ duim wees.

(*b*) Wanneer die luike van hout gemaak is, moet die afgewerkte dikte minstens 2⅜ duim wees by 'n spanwydte van minstens 4.9 voet.

(*c*) Wanneer die luike van sagtestaal gemaak is, word die sterkte bereken met veronderstelde ladings van minstens 358 pond per vierkante voet op luikopenings in posisie 1, en minstens 266 pond per vierkante voet op luikopenings in posisie 2, en die produk van die maksimum spanning aldus bereken en die faktor 4.25 mag nie die minimum breeksterkte van die materiaal oorskry nie. Hulle moet so ontwerp wees dat die deurbuiging beperk word tot hoogstens 0.0028 maal die spanwydte onder hierdie ladings.

(*d*) Die veronderstelde ladings op luikopenings in posisie 1 mag tot 205 pond per vierkante voet verminder word in die geval van 'n skip wat 79 voet lank is en moet minstens 358 pond per vierkante voet wees in die geval van 'n skip wat 328 voet lank is. Die ooreenstemmende ladings op luikopenings in posisie 2 mag onderskeidelik tot 154 pond per vierkante voet en 266 pond per vierkante voet verminder word. In alle gevalle moet waardes by tussenliggende lengtes deur interpolasie verkry word.

The means of securing these doors weathertight shall consist of gaskets and clamping devices or other equivalent means and shall be permanently attached to the bulkhead or to the doors themselves, and the doors shall be so arranged that they can be operated from both sides of the bulkhead.

(2) Except as otherwise provided in this Part, the height of the sills of access openings in bulkheads at ends of enclosed superstructures shall be at least 15 inches above the deck.

22. Position of Hatchways, Doorways and Ventilators

For the purpose of this Part, two positions of hatchways, doorways and ventilators shall be as follows:

Position 1—upon exposed freeboard and raised quarter decks, and upon exposed superstructure decks situated forward of a point located a quarter of the ship's length from the forward perpendicular;

Position 2—upon exposed superstructure decks situated abaft a quarter of the ship's length from the forward perpendicular.

23. Cargo and other Hatchways

The construction and means for securing the weathertightness of cargo and other hatchways in positions 1 and 2 shall be at least equivalent to the requirements of regulations 24 and 25.

24. Hatchways closed by Portable Covers and Secured Weathertight by Tarpaulins and Battening Devices

(1) *Hatchway Coamings*

The coamings of hatchways closed by portable covers secured weathertight by tarpaulins and battening devices shall be of substantial construction, and their height above the deck shall be at least as follows:—

if in position 1, 23½ inches;
if in position 2, 17½ inches.

(2) *Hatchway Covers*

(*a*) The width of each bearing surface for hatchway covers shall be at least 2½ inches.

(*b*) Where covers are made of wood, the finished thickness shall be at least 2⅜ inches in association with a span of not more than 4.9 feet.

(*c*) Where covers are made of mild steel, the strength shall be calculated with assumed loads not less than 358 lbs. per square foot on hatchways in position 1, and not less than 266 lbs. per square foot on hatchways in position 2, and the product of the maximum stress thus calculated and the factor 4.25 shall not exceed the minimum ultimate strength of the material. They shall be so designed as to limit the deflection to not more than 0.0028 times the span under these loads.

(*d*) The assumed loads on hatchways in position 1 may be reduced to 205 lbs. per square foot for a ship of 79 feet in length and shall be not less than 358 lbs. per square foot for a ship of 328 feet in length. The corresponding loads on hatchways in position 2 may be reduced to 154 lbs. per square foot and 266 lbs. per square foot respectively. In all cases values at intermediate lengths shall be obtained by interpolation.

(3) *Verplaasbare luikskilde*

Waar verplaasbare skilde vir stutting van luike van sagtestaal gemaak is, moet die sterkte bereken word met veronderstelde ladings van minstens 358 pond per vierkante voet op luikopenings in posisie 1, en minstens 266 pond per vierkante voet op luikopenings in posisie 2, en die produk van die maksimum spanning aldus bereken en die faktor 5 mag nie die minimum breeksterkte van die materiaal oorskry nie. Hulle moet so ontwerp wees dat die deurbuiging beperk is tot hoogstens 0.0022 maal die spanwydte onder hierdie ladings. In die geval van 'n skip wat hoogstens 328 voet lank is, geld die bepalings van subregulasie (2) (*d*).

(4) *Pontonluike*

(*a*) Waar pontonluike wat in plaas van verplaasbare skilde en luike gebruik word, van sagtestaal gemaak is, moet die sterkte bereken word met die veronderstelde ladings in subregulasie (2) (*c*) vermeld, en die produk van die maksimum spanning aldus bereken en die faktor 5 mag nie die minimum breeksterkte van die materiaal oorskry nie. Hulle moet so ontwerp wees dat die deurbuiging beperk word tot hoogstens 0.0022 maal die spanwydte. Plate van sagtestaal gebruik vir die bokant van luike mag nie minder dik wees nie as een persent van die spasiëring van verstywingstyle of 0.24 duim indien laasgenoemde waarde groter is. In die geval van 'n skip wat hoogstens 328 voet lank is, geld die bepalings van subregulasie (2) (*d*).

(*b*) Die sterkte en styfheid van luike wat van ander as sagtestaal gemaak is, moet gelyk wees aan dié van sagtestaal.

(5) *Stroppe of skoene vir skilde*

Stroppe of skoene vir verplaasbare skilde moet stewig gemaak wees en moet middels vorm vir die doeltreffende aanbring en vasmaak van die skilde. Waar 'n rollende soort skild gebruik word, moet die rangskikking so wees dat verseker word dat die skilde behoorlik op hul plek bly wanneer die luikopening gesluit word.

(6) *Klampe*

Klampe moet gestel word om by die tapsheid van die kegge te pas. Hulle moet minstens 2½ duim breed wees en op afstande van hoogstens 23½ duim van hart tot hart aangebring word; die klampe aan elke kant of ent mag nie meer as 6 duim van die luikopeninghoeke af wees.

(7) *Skalmlatte en kegge*

Skalmlatte en kegge moet doeltreffend en in goeie toestand wees. Kegge moet van harde hout of 'n gelykwaardige materiaal gemaak wees. Kegge se tapsheid moet hoogstens 1 op 6 wees, en hulle moet minstens ½ duim dik wees by die punt.

(8) *Teerseile*

Ten minste twee lae teerseil in goeie toestand moet verskaf word vir elke luikopening in posisie 1 of 2. Die teerseile moet waterdig en goed sterk wees en moet van materiaal gemaak wees van minstens 'n goedgekeurde standaardgewig en -kwaliteit.

(9) *Bevestiging van luike*

Vir alle luikopenings in posisie 1 of 2 moet staalstawe of dergelike middels voorsien word om elke luikdeel nadat die teerseile vasgekeg is, doeltreffend en selfstandig te bevestig. Luike wat langer as 4.9 voet is moet met minstens twee sulke bevestigingsmiddels vasgemaak word.

(3) *Portable Beams*

Where portable beams for supporting hatchway covers are made of mild steel, the strength shall be calculated with assumed loads not less than 358 lbs. per square foot on hatchways in position 1 and not less than 266 lbs. per square foot on hatchways in position 2, and the product of the maximum stress thus obtained and the factor 5 shall not exceed the minimum ultimate strength of the material. They shall be so designed as to limit the deflection to not more than 0.0022 times the span under these loads. For a ship of not more than 328 feet in length the requirements of subregulation (2) (*d*) are applicable.

(4) *Pontoon Covers*

(*a*) Where pontoon covers used in place of portable beams and covers are made of mild steel, the strength shall be calculated with the assumed loads given in subregulation (2) (*c*), and the product of the maximum stress thus calculated and the factor 5 shall not exceed the minimum ultimate strength of the material. They shall be so designed as to limit the deflection to not more than 0.0022 times the span. Mild steel plating forming the tops of covers shall be not less in thickness than one per cent of the spacing of stiffeners or 0.24 inches if that be greater. For a ship of not more than 328 feet in length, the requirements of subregulation (2) (*d*) are applicable.

(*b*) The strength and stiffness of covers made of materials other than mild steel, shall be equivalent to those of mild steel.

(5) *Carriers or Sockets*

Carriers or sockets for portable beams shall be of substantial construction and shall provide means for the efficient fitting and securing of the beams. Where rolling types of beams are used, the arrangements shall ensure that the beams remain properly in position when the hatchway is closed.

(6) *Cleats*

Cleats shall be set to fit the taper of the wedges. They shall be at least 2½ inches wide and spaced not more than 23½ inches centre to centre; the cleats along each side or end shall be not more than 6 inches from the hatch corners.

(7) *Battens and Wedges*

Battens and wedges shall be efficient and in good condition. Wedges shall be of tough wood or other equivalent material. Wedges shall have a taper of not more than 1 in 6 and shall be not less than ½ inch thick at the toes.

(8) *Tarpaulins*

At least two layers of tarpaulin in good condition shall be provided for each hatchway in position 1 or 2. The tarpaulins shall be waterproof and of ample strength and shall be of a material of at least an approved standard weight and quality.

(9) *Security of hatchway covers*

For all hatchways in position 1 or 2 steel bars or other equivalent means shall be provided in order efficiently and independently to secure each section of hatchway covers after the tarpaulins are battened down. Hatchway covers of more than 4.9 feet in length shall be secured by at least two such securing appliances.

25. LUIKOPENINGS GESLUIT MET WEERBESTANDE LUIKE VAN STAAL OF 'N GELYKWAARDIGE MATERIAAL EN BEVESTIG MET PAKSTUKKE EN KLAMPINRIGTINGS

(1) *Luikhoofde*

In posisies 1 en 2 moet die hoogte bo die dek van luikhoofde met weerbestande luike van staal of 'n gelykwaardige materiaal en bevestig met pakstukke en klampinrigtings wees soos in regulasie 24 (1) gespesifiseer. Die hoogte van hierdie luikhoofde mag verminder word, of hulle kan heeltemal weggelaat word, op voorwaarde dat die Toewysende Owerheid oortuig is dat die veiligheid van die skip by enige seegesteldheid nie daardeur in gevaar gestel word nie. Wanneer luikhoofde voorsien word, moet hul stewig gemaak wees.

(2) *Weerbestande luike*

(*a*) Wanneer weerbestande luike van sagtestaal gemaak is, moet die sterkte bereken word met veronderstelde ladings van minstens 358 pond per vierkante voet op luikopenings in posisie 1, en minstens 266 pond per vierkante voet op luikopenings in posisie 2, en die produk van die maksimum spanning aldus bereken en die faktor 4.25 mag nie die minimum breeksterkte van die materiaal oorskry nie. Hulle moet so ontwerp wees dat die deurbuiging beperk word tot hoogstens 0.0028 maal die spanwydte onder hierdie ladings. Plate van sagte staal wat die bokant van luike vorm, moet nie minder dik wees nie as een persent van die afstand tussen die verstywingstyle of 0.24 duim, as laasgenoemde waarde groter is. Die bepalings van regulasie 24 (2) (*d*) geld vir 'n skip wat nie langer as 328 voet is nie.

(*b*) Die sterkte en styfheid van luike van ander as sagte staal gemaak moet gelyk wees aan dié van sagte staal.

(3) *Middels om weerbestandheid te verseker*

Die middels om weerbestandheid te verseker en te handhaaf moet tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid wees. Die maatreëls moet verseker dat die bestandheid by enige seegesteldheid gehandhaaf bly, en met hierdie doel voor oë moet bestandheidstoetse 'n vereiste by die eerste ondersoek wees, en kan ook by periodieke ondersoeke of met korter tussenpose verlang word.

26. OPENINGS BO MASJIENRUIMTES

(1) Openings bo die masjienruimte in posisie 1 of 2 moet rondom behoorlik versterk en op doeltreffende wyse deur staalomkastings van voldoende sterkte omsluit wees, en wanneer die omkastings nie deur ander konstruksies beskerm is nie, moet hul sterkte besondere aandag geniet. Toegangsopenings in sulke omkastings moet van deure voorsien wees wat aan die bepalings van regulasie 21 (1) voldoen, en waarvan die drempels minstens 23½ duim bo die dek is indien in posisie 1, en minstens 15 duim bo die dek indien in posisie 2. Ander openings in sulke omkastings moet van gelykwaardige luike voorsien wees wat permanent in hul regte posisie bevestig is.

(2) Die omranding van enige lugrooster van die stookruimte, skoorsteen of masjienruimtelugkoker in 'n blootgestelde posisie op die vryboord- of boboudek moet 'n redelike en praktiese afstand bo die dek uitsteek. Stookruimtelugroosteropenings moet voorsien wees van sterk luike van staal of 'n gelykwaardige materiaal, wat permanent in hul regte posisie geheg is en weerbestand bevestig kan word.

27. DIVERSE OPENINGS IN DIE VRYBOORD- EN DIE BOBOUDEKKE

(1) Mangate en gladde koolstortgate in posisie 1 of 2 of in 'n ander bobou as 'n ingeslote bobou, moet met stewige

25. HATCHWAYS CLOSED BY WEATHERTIGHT COVERS OF STEEL OR OTHER EQUIVALENT MATERIAL FITTED WITH GASKETS AND CLAMPING DEVICES

(1) *Hatchway Coamings*

At positions 1 and 2 the height above the deck of hatchway coamings fitted with weathertight hatch covers of steel or other equivalent material fitted with gaskets and clamping devices shall be as specified in regulation 24 (1). The height of these coamings may be reduced, or the coamings omitted entirely, on condition that the Assigning Authority is satisfied that the safety of the ship is not thereby impaired in any sea conditions. Where coamings are provided they shall be of substantial construction.

(2) *Weathertight Covers*

(*a*) Where weathertight covers are of mild steel, the strength shall be calculated with assumed loads not less than 358 lbs. per square foot on hatchways in position 1, and not less than 266 lbs. per square foot on hatchways in position 2, and the product of the maximum stress thus calculated and the factor 4.25 shall not exceed the minimum ultimate strength of the material. They shall be so designed as to limit the deflection to not more than 0.0028 times the span under these loads. Mild steel plating forming the tops of covers shall be not less in thickness than one per cent of the spacing of stiffeners or 0.24 inches if that be greater. The provisions of regulation 24 (2) (*d*) are applicable to a ship of not more than 328 feet in length.

(*b*) The strength and stiffness of covers made of materials other than mild steel shall be equivalent to those of mild steel.

(3) *Means for Securing Weathertightness*

The means for securing and maintaining weathertightness shall be to the satisfaction of the Assigning Authority. The arrangements shall ensure that the tightness can be maintained in any sea conditions, and for this purpose tests for tightness shall be required at the initial survey and may be required at periodical inspections or at more frequent intervals.

26. MACHINERY SPACE OPENINGS

(1) Machinery space openings in position 1 or 2 shall be properly framed and efficiently enclosed by steel casings of ample strength, and where the casings are not protected by other structures their strength shall be specially considered. Access openings in such casings shall be fitted with doors complying with the requirements of regulation 21 (1), the sills of which shall be at least 23½ inches above the deck if in position 1, and at least 15 inches above the deck if in position 2. Other openings in such casings shall be fitted with equivalent covers permanently attached in their proper positions.

(2) Coamings of any fiddley, funnel or machinery space ventilator in an exposed position on the freeboard or superstructure deck shall be as high above the deck as is reasonable and practicable. Fiddley openings shall be fitted with strong covers of steel or other equivalent material permanently attached in their proper positions and capable of being secured weathertight.

27. MISCELLANEOUS OPENINGS IN FREEBOARD AND SUPERSTRUCTURE DECKS

(1) Manholes and flush scuttles in position 1 or 2 or within superstructures other than enclosed superstruc-

luike gesluit word wat waterdig gemaak kan word. Tensy met boute op kort afstande bevestig, moet die luike permanent vasgemaak wees.

(2) Ander openings in vryboorddekke as luikopenings, masjienruimte-openings, mangate en gladde koolstortgate, moet deur 'n ingeslote bobou beskerm word, of deur 'n dekhuis of 'n kap van dieselfde sterkte en weerbestandheid. Enige sodanige opening in 'n blootgestelde boboudek of in die bodeel van 'n dekhuis op die vryboorddek wat toegang verleen tot 'n ruimte onder die vryboorddek of 'n ruimte binne 'n ingeslote bobou, moet deur 'n doeltreffende dekhuis of kap beskerm wees. Deuropenings in sulke dekhuise of kappe moet van deure voorsien wees wat aan die vereistes van regulasie 21 (1) voldoen.

(3) In posisie 1 moet die hoogte bo die dek van drempels van deuropenings in kappe minstens 23½ duim wees. In posisie 2 moet die hoogte minstens 15 duim wees.

28. LUGKOKERS

(1) Lugkokers in posisie 1 of 2 na ruimtes onder 'n vryboorddek of dekke van 'n ingeslote bobou moet omrandings van staal of ander gelykwaardige materiaal hê, wat stewig gemaak en doeltreffend aan die dek bevestig is. Waar die omranding van 'n lugkoker hoër as 35½ duim bo die dek is, moet dit spesiaal gestut word.

(2) Lugkokers wat dwarsdeur 'n ander bobou as 'n ingeslote bobou heen gaan, moet van stewige omrandings van staal of 'n gelykwaardige materiaal op die vryboorddek voorsien wees.

(3) Lugkokers in posisie 1 met omrandings wat meer as 14.8 voet bo die dek uitsteek, en in posisie 2 met omrandings wat meer as 7.5 voet bo die dek uitsteek, hoef nie van sluitinrigtings voorsien te wees nie tensy die Toewysende Owerheid dit uitdruklik vereis.

(4) Behalwe soos in subregulasie (3) bepaal, moet lugkokeropenings van doeltreffende weerbestande sluitinrigtings voorsien wees. In die geval van 'n skip wat nie langer as 328 voet is nie, moet sulke sluitinrigtings permanent bevestig wees; waar hulle in enige ander skip nie so bevestig is nie, moet hulle gerieflik naby die lugkokers wat daarmee gesluit moet word, gebêre word. Lugkokers in posisie 1 moet omrandings hê wat minstens 35½ duim bo die dek uitsteek; in posisie 2 moet die omrandings minstens 30 duim bo die dek uitsteek.

(5) In blootgestelde posisies kan hoër omrandings vereis word tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid.

29. LUGPYPE

Wanneer lugpype wat na ballas- en ander tenks lei bo die vryboord- of boboudek uitsteek, moet die blootgestelde dele van die pype van voldoende sterkte wees; die hoogte van die dek tot die punt waaronder water moontlik kan binnekom, moet minstens 30 duim in die geval van die vryboorddek en 17½ duim in die geval van die boboudek wees. Wanneer hierdie hoogtes miskien hinderlik by die werk op die skip is, mag 'n kleiner hoogte aanvaar word, mits die Toewysende Owerheid oortuig is dat die sluitinrigtings en ander omstandighede 'n kleiner hoogte regverdig. Bevredigende permanent bevestigde middels moet voorsien word vir die sluiting van lugpypopenings.

30. LAAIPOORTE EN ANDER DERGELIKE OPENINGS

(1) Laaipoorte en ander dergelike openings in die sykante van 'n skip onder die vryboorddek, moet van deure voorsien wees wat so ontwerp is dat waterdigtheid en strukturele volkomenheid eweredig met die omringende huidbeplating verseker is. Die aantal van sulke openings moet die minimum wees wat verenigbaar is met die ontwerp en behoorlike funksionering van die skip.

tures, shall be closed by substantial covers capable of being made watertight. Unless secured by closely spaced bolts, the covers shall be permanently attached.

(2) Openings in freeboard decks other than hatchways, machinery space openings, manholes and flush scuttles, shall be protected by an enclosed superstructure or by a deckhouse or companionway of equivalent strength and weathertightness. Any such opening in an exposed superstructure deck or in the top of a deckhouse on the freeboard deck which gives access to a space below the freeboard deck or a space within an enclosed superstructure, shall be protected by an efficient deckhouse or companionway. Doorways in such deckhouses or companionways shall be fitted with doors complying with the requirements of regulation 21 (1).

(3) In position 1, the height above the deck of sills to the doorways in companionways shall be at least 23½ inches. In position 2 the height shall be at least 15 inches.

28. VENTILATORS

(1) Ventilators in position 1 or 2 to spaces below the freeboard deck or decks of enclosed superstructures shall have coamings of steel or other equivalent material, substantially constructed and efficiently connected to the deck. Where the coaming of any ventilator exceeds 35½ inches in height above the deck, it shall be specially supported.

(2) Ventilators passing through superstructures other than enclosed superstructures shall have substantially constructed coamings of steel or other equivalent material at the freeboard deck.

(3) Ventilators in position 1 the coamings of which extend to more than 14.8 feet above the deck and in position 2 the coamings of which extend to more than 7.5 feet above the deck, need not be fitted with closing arrangements unless specifically required by the Assigning Authority.

(4) Except as provided in subregulation (3), ventilator openings shall be provided with efficient weathertight closing appliances. In a ship of not more than 328 feet in length, the closing appliances shall be permanently attached; where not so attached in any other ship, they shall be conveniently stowed near the ventilators to which they are to be fitted. Ventilators in position 1 shall have coamings of a height of at least 35½ inches above the deck; in position 2 the coamings shall be of a height at least 30 inches above the deck.

(5) In exposed positions, the height of coamings may be required to be increased to the satisfaction of the Assigning Authority.

29. AIR PIPES

Where air pipes to ballast tanks and other tanks extend above the freeboard or superstructure decks, the exposed parts of the pipes shall be of substantial construction; the height from the deck to the point where water may have access below shall be at least 30 inches on the freeboard deck and 17½ inches on the superstructure deck. Where these heights may interfere with the working of the ship a lower height may be accepted, provided the Assigning Authority is satisfied that the closing arrangements and other circumstances justify a lower height. Satisfactory means permanently attached, shall be provided for closing the openings of the air pipes.

30. CARGO PORTS AND OTHER SIMILAR OPENINGS

(1) Cargo ports and other similar openings in the sides of a ship below the freeboard deck shall be fitted with doors so designed as to ensure watertightness and structural integrity commensurate with the surrounding shell plating. The number of such openings shall be the minimum compatible with the design and proper working of the ship.

(2) Tensy deur die Owerheid toegelaat, mag die onderste rand van sulke openings nie onder 'n lyn wees wat ewewydig met die vryboorddek aan die sykant getrek is nie, wat as laagste punt die borand van die boonste laslyn het.

31. Spuipype, Inlaatopenings en Afvoerpype

(1) Afvoerpype wat deur die huid loop, hetsy vanaf ruimtes onder die vryboorddek of van binne 'n bobou en dekhuise op die vryboorddek met deure wat aan die vereistes van regulasie 21 voldoen, moet van doeltreffende en toeganklike middels voorsien wees om te verhoed dat water die skip binnedring. Normaalweg moet elke afsonderlike afvoerpyp een outomatiese terugslagklop hê wat met 'n regstreekse inrigting verbind is om dit vanaf 'n posisie bo die vryboorddek te kan sluit. Wanneer egter die vertikale afstand van die somerlaswaterlyn tot die binneboord-ent van die afvoerpyp meer is as 0.01L, mag die afvoerpyp twee outomatiese terugslagkleppe hê sonder 'n regstreekse sluitinrigting, met dien verstande dat die binneboordse klap altyd bereikbaar moet wees om gedurende normale diens nagesien te word; wanneer die vertikale afstand 0.02L te bowe gaan, mag 'n enkele outomatiese terugslagklep sonder regstreekse sluitinrigting aanvaar word onderworpe aan goedkeuring deur die Toewysende Owerheid. Die inrigting vir die bediening van die regstreeks werkende klep moet maklik bereikbaar en voorsien wees van 'n wyser wat aantoon of die klep oop of toe is.

(2) In bemande masjienruimtes mag hoof- en hulpinrigtings om seewater in en uit te laat in verband met die werking van masjinerie plaaslik beheer word. Die beheertoestelle moet maklik bereikbaar en van wysers voorsien wees wat aantoon of die kleppe oop of toe is.

(3) Spui- en afvoerpype wat op enige hoogte begin en hetsy meer as 17½ duim onder die vryboorddek of minder as 23½ duim bo die somerlaswaterlyn deur die huid loop, moet by die huid van 'n terugslagklep voorsien wees. Behalwe wanneer hierdie klep vereis word ingevolge subregulasie (1), mag hy weggelaat word as die pyp van aansienlike dikte is.

(4) Spuipype wat afgelei word van 'n bobou of dekhuis wat nie van deure ingevolge die vereistes van regulasie 21 voorsien is nie, moet oorboord uitloop.

(5) Alle kleppe en huidbeslag deur hierdie regulasie vereis, moet van staal, brons of ander goedgekeurde rekbare materiaal gemaak wees. Kleppe van gewone gietyster of soortgelyke materiaal is nie aanvaarbaar nie. Alle pype waarna hierdie regulasie verwys, moet van staal of 'n ekwivalente materiaal gemaak wees.

32. Patryspoorte

(1) Patryspoorte in ruimtes onder die vryboorddek of in ruimtes binne 'n ingeslote bobou moet voorsien wees van doeltreffende geskarnierde inwendige stormklappe wat so aangebring is dat hulle behoorlik toegemaak en waterdig afgesluit kan word.

(2) Geen patryspoort mag so aangebring wees nie dat sy drempel onder 'n lyn lê wat ewewydig aan die vryboorddek op die sykant getrek is en waarvan die laagste punt 2.5 persent van die breedte (B) bo die laswaterlyn, of 19½ duim is, watter van die twee ook al die grootste afstand is.

(3) Patryspoorte, saam met hul vensters, indien daarin aangebring, en stormklappe, moet van stewige goedgekeurde konstruksie wees.

33. Waterafvoerpoorte

(1) Wanneer verskansings op aan wind en weer blootgestelde gedeeltes van vryboord- of boboudekke kuile vorm, moet genoegsame voorsiening gemaak word om die dekke vinnig van water te bevry en om die water af te

(2) Unless permitted by the Authority, the lower edge of such openings shall not be below a line drawn parallel to the freeboard deck at side, which has at its lowest point the upper edge of the uppermost load line.

31. Scuppers, Inlets and Discharges

(1) Discharges led through the shell either from spaces below the freeboard deck or from within superstructures and deckhouses on the freeboard deck fitted with doors complying with the requirements of regulation 21 shall be fitted with efficient and accessible means for preventing water from passing inboard. Normally each separate discharge shall have one automatic non-return valve with a positive means of closing it from a position above the freeboard deck. Where, however, the vertical distance from the summer load waterline to the inboard end of the discharge pipe exceeds 0.01 L, the discharge may have two automatic non-return valves without positive means of closing, provided that the inboard valve is always accessible for examination under service conditions where the vertical distance exceeds 0.02 L, a single automatic non-return valve without positive means of closing may be accepted subject to the approval of the Assigning Authority. The means for operating the positive action valve shall be readily accessible and provided with an indicator showing whether the valve is open or closed.

(2) In manned machinery spaces, main and auxiliary sea inlets and discharges in connection with the operation of machinery may be controlled locally. The controls shall be readily accessible and shall be provided with indicators showing whether the valves are open or closed.

(3) Scuppers and discharge pipes originating at any level and penetrating the shell either more than 17½ inches below the freeboard deck or less than 23½ inches above the summer load waterline, shall be provided with a non-return valve at the shell. Such valve, unless required by subregulation (1), may be omitted if the piping is of substantial thickness.

(4) Scuppers leading from superstructures or deck houses not fitted with doors complying with the requirements of regulation 21 shall be led overboard.

(5) All valves and shell fittings required by this regulation shall be of steel, bronze or other approved ductile material. Valves of ordinary cast iron or other similar material are not acceptable. All pipes to which this regulation refers, shall be of steel or other equivalent material.

32. Side Scuttles

(1) Side scuttles to spaces below the freeboard deck or to spaces within enclosed superstructures, shall be fitted with efficient hinged inside deadlights arranged so that they can be effectively closed and secured watertight.

(2) No side scuttle shall be fitted in a position so that its sill is below a line drawn parallel to the freeboard deck at side and having its lowest point 2.5 per cent of the breadth (B) above the load waterline, or 19½ inches, whichever is the greater distance.

(3) The side scuttles, together with their glasses, if fitted, and deadlights, shall be of substantial and approved construction.

33. Freeing Ports

(1) Where bulwarks on the weather portions of freeboard decks or superstructure decks form wells, ample provision shall be made for rapidly freeing the decks of water and for draining them. Except as provided in subregulations (2) and (3), the minimum freeing port area

voer. Behalwe soos in subregulasies (2) en (3) bepaal, moet die minimum oppervlakte vir die waterafvoerpoorte (A) aan weerskante van die skip vir elke kuil op die vryboorddek dié wees wat deur middel van onderstaande formules gegee word in gevalle waar die seeg by die plek van die kuil standaard of groter as standaard is. Die minimum oppervlakte van elke kuil op boboudekke moet die helfte wees van die oppervlakte deur die formules gegee—

wanneer die lengte van 'n verskansing (1) in die kuil 66 voet of minder is, dan is

A = 7.6+0.115 l vierkante voet;

wanneer l meer as 66 voet is, dan is

A = 0.23 l vierkante voet.

l hoef nooit as groter dan 0.7 L aangeneem te word nie.

Indien die verskansing se gemiddelde hoogte meer as 3.9 voet is, moet die vereiste oppervlakte met 0.04 vierkante voet per voet kuillengte vir elke voet verskil in hoogte vermeerder word. Indien die verskansing se gemiddelde hoogte minder as 3 voet is, mag die vereiste oppervlakte met 0.04 vierkante voet per voet kuillengte vir elke voet verskil in hoogte verminder word.

(2) In 'n skip sonder seeg moet die oppervlakte wat ooreenkomstig subregulasie (1) bereken word met 50 persent vermeerder word. Wanneer die seeg minder as standaard is, moet die persentasie deur lineêre interpolasie verkry word.

(3) Wanneer 'n skip, toegerus met 'n skag, nie aan die vereistes van regulasie 51 (1) (*e*) voldoen nie of waar deurlopende of so goed as deurlopende sydelingse luikhoofde aangebring is tussen losstaande boboue, moet die minimum oppervlakte van die openings van waterafvoerpoorte met behulp van onderstaande tabel bereken word:

Breedte van luikopening of skag in verhouding tot die breedte van die skip.	Oppervlakte van waterafvoerpoorte in verhouding tot die totale oppervlakte van verskansings.
40% of minder	20%
75% of meer	10%

Die oppervlakte van waterafvoerpoorte op tussenliggende breedtes moet deur lineêre interpolasie verkry word.

(4) In die geval van 'n skip met boboue wat aan een of albei kante oop is, moet afdoende voorsiening gemaak word vir afvoer van water uit die ruimte binne die boboue tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid.

(5) Die onderste rande van waterafvoerpoorte moet so na as moontlik by die dek wees. Twee derdes van die vereiste poortoppervlakte moet binne die helfte van die kuil wat die naaste by die onderste punt van die seegkromming is, lê.

(6) Al sulke openings in die verskansings moet deur traliewerk of stawe omtrent 9 duim van mekaar af, beskerm word. Indien luike aan waterafvoerpoorte aangebring is, moet vir ruim speling gesorg word om klemming te voorkom. Skarniere moet van penne of laers van niekorroderende materiaal voorsien word. Indien luike van bevestigingsmiddels voorsien is, moet hierdie middels tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid wees.

34. BESKERMING VAN DIE BEMANNING

(1) Die sterkte van dekhuise vir die verblyf van die bemanning moet tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid wees.

(2) Doeltreffende relingwerk of verskansings moet op alle blootgestelde gedeeltes van vryboord- en boboudekke aangebring word. Die hoogte van die verskansings of relingwerk bo die dek moet minstens 39½ duim wees, met dien verstande dat waar hierdie hoogte 'n hindernis vir die normale werking van die skip sou vorm, 'n kleiner hoogte

(A) on each side of the ship for each well on the freeboard deck shall be that given by the following formulae in cases where the sheer in way of the well is standard or greater than standard. The minimum area for each well on superstructure decks shall be one-half of the area given by the formulae—

where the length of bulwark (1) in the well is 66 feet or less

A = 7.6+0.115 l square feet;

where l exceeds 66 feet

A = 0.23 l square feet.

l need in no case be taken as greater than 0.7 L.

If the bulwark is more than 3.9 feet in average height, the required area shall be increased by 0.04 square feet per foot of length of well for each foot difference in height. If the bulwark is less than 3 feet in average height, the required area may be decreased by 0.04 square feet per foot of length for each foot difference in height.

(2) In a ship with no sheer, the area calculated in accordance with subregulation (1) shall be increased by 50 per cent. Where the sheer is less than the standard, the percentage shall be obtained by linear interpolation.

(3) Where a ship fitted with a trunk does not comply with the requirements of regulation 51 (1) (*e*) or where continuous or substantially continuous hatchway side coamings are fitted between detached superstructures, the minimum area of the freeing port openings shall be calculated from the following table:

Breadth of hatchway or trunk in relation to the breadth of ship.	Area of freeing ports in relation to the total area of the bulwarks.
40% or less	20%
75% or more	10%

The area of freeing ports at intermediate breadths shall be obtained by linear interpolation.

(4) In a ship having superstructures which are open at either or both ends, adequate provision for freeing the space within such superstructures shall be provided to the satisfaction of the Assigning Authority.

(5) The lower edges of the freeing ports shall be as near the deck as practicable. Two-thirds of the freeing port area required shall be provided in the half of the well nearest the lowest point of the sheer curve.

(6) All such openings in the bulwarks shall be protected by rails or bars spaced approximately 9 inches apart. If shutters are fitted to freeing ports, ample clearance shall be provided to prevent jamming. Hinges shall have pins or bearings of non-corrodible material. If shutters are fitted with securing appliances, such appliances shall be to the satisfaction of the Assigning Authority.

34. PROTECTION OF THE CREW

(1) The strength of the deckhouses used for the accommodation of the crew shall be to the satisfaction of the Assigning Authority.

(2) Efficient guard rails or bulwarks shall be fitted on all exposed parts of the freeboard and superstructure decks. The height of the bulwarks or guard rails shall be at least 39½ inches from the deck, provided that where this height would interfere with the normal operation of

aanvaar kan word mits die Toewysende Owerheid oortuig is dat voldoende beskerming verleen word.

(3) Die opening onder die laagste tralie van die relingwerk mag nie meer as 9 duim wees nie. Die ander tralies moet hoogstens 15 duim van mekaar wees. In die geval van 'n skip met 'n ronde boordwand, moet die relingwerkstutte op die plat gedeelte van die dek geplaas word.

(4) Behoorlike voorsiening (in die vorm van relingwerk, reddingslyne, loopbrûe of onderdekse gange, ens.) moet vir die beskerming van die bemanning gemaak word sodat hulle veilig na hul kwartiere, die masjienruimte en alle ander dele wat gebruik word vir die nodige bediening van de skip, kan gaan of daarvandaan kan kom.

(5) Dekladings deur 'n skip vervoer moet so gestu word dat enige opening wat in die omgewing van die vrag is en toegang verleen tot en van die bemanning se kwartiere, die masjienruimte en alle ander dele wat vir die nodige bediening van die skip gebruik word, behoorlik gesluit en teen die binnedringing van water beskerm kan word. Doeltreffende beskerming vir die bemanning in die vorm van relingwerk of reddingslyne moet bo die deklading voorsien word as daar geen geskikte gang op of onder die dek van die skip bestaan nie.

HOOFSTUK III: SPESIALE VOORWAARDES VAN TOEWYSING VIR SKEPE VAN TIPE „A"

35. Skagte Bo die Masjienruim

Skagte bo die masjienruim op 'n skip van tipe ‚A' soos in regulasie 39 omskryf, moet deur 'n ingeslote kampanje of brughuis van minstens standaardhoogte beskerm word, of deur 'n dekhuis van gelyke hoogte en ooreenkomstige sterkte, met dien verstande dat skagte bo die masjienruim blootgestel mag wees indien daar geen openings is wat regstreeks toegang van die vryboorddek na die masjienruimte verleen nie. 'n Deur wat aan die vereistes van regulasie 21 voldoen mag egter in die skag bo die masjienruim toegelaat word, mits dit na 'n ruimte of gang lei wat net so sterk gebou is as die skag en van die trap na die masjienkamer geskei is deur 'n tweede weervaste deur van staal of gelykwaardige materiaal.

36. Loopbrug en Toegang

(1) 'n Deugdelik geboude permanente voor- en agterloopbrug van voldoende sterkte moet aan 'n skip van tipe ‚A' aangebring word op die hoogte van die boboudek tussen die kampanje en die midskeepse brughuis of dekhuis as daar is, of 'n gelykwaardige toegangsmiddel moet voorsien word om dieselfde doel te dien as die loopbrug, soos bv. gange onder die dek. Elders, en op 'n skip van tipe ‚A' sonder 'n midskeepse brughuis, moet maatreëls tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid getref word om die bemanning te beveilig as hulle na dele van die skip gaan wat gebruik word vir die nodige bediening van die skip.

(2) Veilige en bevredigende toegang van die loopbrughoogte moet beskikbaar wees tussen afsonderlike dele van bemanningsverblywe en ook tussen bemanningsverblywe en die masjienruimte.

37. Luikopenings

Blootgestelde luikopenings op die vryboord- en voorkasteeldekke of bo in ekspansiekokers op 'n skip van tipe ‚A' moet van doeltreffende waterdigte luike van staal of 'n gelykwaardige materiaal voorsien wees.

38. Waterafvoerreëlings

(1) 'n Skip van tipe ‚A' met verskansings moet oor minstens die halwe lengte van die blootgestelde dele van die oopdek van oop relings of van ander effektiewe water-

the ship, a lesser height may be accepted if the Assigning Authority is satisfied that adequate protection is provided.

(3) The opening below the lowest course of the guard rails shall not exceed 9 inches. The other courses shall be not more than 15 inches apart. In the case of a ship with a rounded gunwale, the guard rail supports shall be placed on the flat of the deck.

(4) Satisfactory means (in the form of guard rails, life lines, gangways or underdeck passages, etc.) shall be provided for the protection of the crew in getting to and from their quarters, the machinery space and all other parts used in the necessary work of the ship.

(5) Deck cargo carried on any ship shall be so stowed that any opening which is in way of the cargo and which gives access to and from the crew's quarters, the machinery space and all other parts used in the necessary work of the ship, can be properly closed and secured against the admission of water. Effective protection for the crew in the form of guard rails or life lines shall be provided above the deck cargo if there is no convenient passage on or below the deck of the ship.

CHAPTER III: SPECIAL CONDITIONS OF ASSIGNMENT FOR TYPE "A" SHIPS

35. Machinery Casings

Machinery casings on a Type "A" ship as defined in regulation 39 shall be protected by an enclosed poop or bridge of at least standard height, or by a deckhouse of equal height and equivalent strength, provided that machinery casings may be exposed if there are no openings giving direct access from the freeboard deck to the machinery space. A door complying with the requirements of regulation 21 may, however, be permitted in the machinery casing provided that it leads to a space or passageway which is as strongly constructed as the casing and is separated from the stairway to the engine room by a second weathertight door of steel or other equivalent material.

36. Gangway and Access

(1) An efficiently constructed fore and aft permanent gangway of sufficient strength shall be fitted on a Type "A" ship at the level of the superstructure deck between the poop and the midship bridge or deckhouse where fitted, or equivalent means of access shall be provided to carry out the purpose of the gangway, such as passages below deck. Elsewhere, and on a Type "A" ship without an amidships bridge, arrangements to the satisfaction of the Assigning Authority shall be provided to safeguard the crew in reaching all parts used in the necessary work of the ship.

(2) Safe and satisfactory access from the gangway level shall be available between separate parts of crew accommodation and also between crew accommodation and the machinery space.

37. Hatchways

Exposed hatchways on the freeboard and forecastle decks or on the tops of expansion trunks on a Type "A" ship shall be provided with efficient watertight covers of steel or other equivalent material.

38. Freeing Arrangements

(1) A Type "A" ship with bulwarks shall have open rails fitted for at least half the length of the exposed parts of the weather deck, or other effective freeing ar-

afvoerreëlings voorsien wees. Die boonste rand van die berghoutsgang moet so laag moontlik gehou word.

(2) Waar boboue deur skagte verbind is, moet oop relings aangebring word oor die hele lengte van die blootgestelde dele van die vryboorddek.

HOOFSTUK IV: VRYBOORDE

39. TIPES SKEPE

(1) Vir die doeleindes van vryboordberekening word skepe verdeel in tipe ‚A' en tipe ‚B'.

(2) 'n Skip van tipe ‚A' is 'n skip wat ontwerp is om slegs onverpakte vloeistofladings te vervoer en waarin die ladingtenks slegs klein toegangsopenings het wat deur middel van waterdigte deksels van staal of gelykwaardige materiaal met pakkings afgesluit is. So 'n skip het noodsaaklikerwyse die volgende inherente kenmerke—

(*a*) hoë betroubaarheid van die blootgestelde dek; en

(*b*) 'n hoë graad van veiligheid teen volloop met water as gevolg van lae vulbaarheid van gelaaide laairuimtes en die mate van onderverdeling wat gewoonlik voorsien word.

(3) 'n Skip van tipe ‚A' met 'n lengte van meer as 492 voet en so ontwerp dat dit leë afdelings het wanneer tot die somerlaswaterlyn gelaai word, moet in staat wees om wanneer enigeen van hierdie leë afdelings by 'n veronderstelde vulbaarheid van 0.95 vol water loop, vlot te bly in 'n ewewigstoestand wat deur die Toewysende Owerheid as bevredigend beskou word. In so 'n skip, indien meer as 738 voet lank, moet die masjienruimte as 'n afdeling wat vol water kan loop beskou word, dog met 'n vulbaarheid van 0.85. Die onderstaande grense word as bevredigend beskou—

(*a*) die finale waterlyn na volloping moet onder die onderste rand van enige opening waardeur progressiewe volloping plaas kan vind, wees;

(*b*) die maksimum slagsyhoek te wyte aan onsimmetriese volloping moet om en by 15° wees;

(*c*) die metasentriese hoogte in die volgelope toestand moet positief wees.

(4) 'n Skip wat nie binne die bepalings ten opsigte van 'n skip van tipe ‚A' val nie soos in subregulasies (2) en (3) uiteengesit, word as 'n skip van tipe ‚B' beskou.

40. TOEWYSING VAN VRYBOORD AAN SKEPE VAN TIPE ‚A' EN TIPE ‚B'

(1) Aan 'n skip van tipe ‚A', moet 'n vryboord toegewys word van minstens dié gebaseer op tabel A in regulasie 42 (1).

(2) Aan 'n skip van tipe ‚B' wat in posisie 1 luikopenings met luike het wat aan die vereistes van regulasie 24 (4) of 25 voldoen, moet behalwe in gevalle waarvoor in subregulasies (3) tot en met (7) voorsiening gemaak is, vryboorde gebaseer op tabel B in regulasie 42 (2) toegewys word.

(3) Aan 'n skip van tipe ‚B' met 'n lengte van meer as 328 voet mag kleiner vryboorde toegewys word as dié ingevolge subregulasie (2) vereis, mits met betrekking tot die toegelate vermindering, die Toewysende Owerheid oortuig is dat—

(*a*) die maatreëls vir beskerming van die bemanning getref, afdoende is;

(*b*) die waterafvoerreëlings afdoende is;

(*c*) die luike in posisies 1 en 2 voldoen aan die bepalings van regulasie 25 en sterk genoeg is, waarby spesiale aandag geskenk moet word aan hul digtings- en bevestigingsinrigtings;

(*d*) die skip wanneer tot die somerlaswaterlyn gelaai, vlot sal bly in 'n bevredigende ewewigstoestand nadat enige enkel beskadigde afdeling vol water geloop het by 'n veronderstelde vulbaarheid van 0.95, met uitsluiting van die masjienruimte; en

rangements. The upper edge of the sheerstrake shall be kept as low as practicable.

(2) Where superstructures are connected by trunks, open rails shall be fitted for the whole length of the exposed parts of the freeboard deck.

CHAPTER IV: FREEBOARDS

39. TYPES OF SHIPS

(1) For the purpose of freeboard computation, ships shall be divided into Type "A" and Type "B".

(2) A Type "A" ship is one which is designed to carry only liquid cargoes in bulk, and in which the cargo tanks have only small access openings closed by watertight gasketed covers of steel or equivalent material. Such a ship necessarily has the following inherent features—

(*a*) high integrity of the exposed deck; and

(*b*) high degree of safety against flooding, resulting from the low permeability of loaded cargo spaces and the degree of sub-division usually provided.

(3) A Type "A" ship, if of over 492 feet in length and designed to have empty compartments when loaded to its summer load waterline, shall be able to withstand the flooding of any one of these empty compartments at an assumed permeability of 0.95, and remain afloat in a condition of equilibrium considered to be satisfactory by the Assigning Authority. In such a ship, if over 738 feet in length, the machinery space shall be treated as a floodable compartment but with a permeability of 0.85. The following limits are considered satisfactory—

(*a*) the final water line after flooding shall be below the lower edge of any opening through which progressive flooding might occur;

(*b*) the maximum angle of heel due to unsymetrical flooding shall be of the order of 15°;

(*c*) the metacentric height in the flooded condition shall be positive.

(4) Any ship which does not come within the provisions relating to a Type "A" ship as set forth in subregulations (2) and (3), shall be considered a Type "B" ship.

40. FREEBOARD ASSIGNMENT TO TYPE "A" AND "B" SHIPS

(1) A Type "A" ship shall be assigned a freeboard not less than that based on Table A in regulation 42 (1).

(2) A Type "B" ship which has in position 1 hatchways fitted with hatch covers complying with the requirements of regulation 24 (4) or 25 shall, except as provided in subregulations (3) to (7) be assigned freeboards based on Table B in regulation 42 (2).

(3) A Type "B" ship of over 328 feet in length may be assigned freeboards less than those required under subregulation (2) provided that, in relation to the reduction granted, the Assigning Authority is satisfied that—

(*a*) the measures provided for the safety of the crew are adequate;

(*b*) the freeing arrangements are adequate;

(*c*) the covers in positions 1 and 2 comply with the provisions of regulation 25 and have adequate strength, special care being given to their sealing and securing arrangements;

(*d*) the ship, when loaded to its summer load waterline, will remain afloat in a satisfactory condition of equilibrium after flooding of any single damaged compartment at an assumed permeability of 0.95 excluding the machinery space; and

(*e*) indien die skip 'n lengte van meer as 738 voet het, die masjienruimte as 'n afdeling wat vol water kan loop, beskou moet word dog met 'n vulbaarheid van 0.85.

(4) By oorweging van subregulasies (3) (*d*) en (*e*), moet die grense in regulasie 39 (3) (*a*), (*b*) en (*c*) genoem as bevredigend beskou word. Die betrokke berekenings moet op onderstaande hoofveronderstellings gebaseer word, nl. dat—

(*a*) die vertikale omvang van beskadiging gelyk is aan die diepte van die skip;

(*b*) die mate van deurdringing van die beskadiging hoogstens B/5 is;

(*c*) geen transversale hoofverskansing beskadig is nie;

(*d*) die hoogte van die swaartepunt bo die basislyn geskat word deur rekening te hou met die homogene lading van laairuime en met 50 persent van die ontwerpinhoudsvermoë aan verbruikbare vloeistowwe en voorrade, ens.

(5) By die berekening van die vryboord vir 'n skip van tipe ‚B' wat aan die vereistes van subregulasies (3) en (4) voldoen, mag die waardes verkry uit tabel B met hoogstens 60 persent van die verskil tussen die ‚B'- en ‚A'-tabelwaardes vir die passende skeepslengte verminder word.

(6) Die vermindering in tabulêre vryboord wat toegelaat is ingevolge subregulasie (5) mag verhoog word tot die totale verskil tussen die waardes in tabel A en dié in tabel B op voorwaarde dat die skip voldoen aan die vereistes van regulasies 35, 36 en 38, asof dit 'n skip van tipe ‚A' was en bowendien voldoen aan die bepalings van subregulasie (3) (*a*) tot en met (*e*) behalwe dat die verwysing in subregulasie (3) (*d*) in verband met die volloop van enige enkele beskadigde afdeling beskou moet word as 'n verwysing na die volloop van enige twee aangrensende voor- en agterafdelings, wat geen van twee die masjienruimte is nie. Ook moet enige sodanige skip wat meer as 738 voet lank is, wanneer tot die somerlaswaterlyn gelaai, in 'n bevredigende ewewigstoestand vlot bly nadat die masjienruimte op sigself beskou, volgeloop het, by 'n veronderstelde vulbaarheid van 0.85.

(7) Aan 'n skip van tipe ‚B' wat in posisie 1 luikopenings het met luike wat aan die vereistes van regulasie 24, behalwe subregulasie (4) (*a*), voldoen, moet vryboorde toegewys word gebaseer op die waardes in tabel B aangegee, plus die waardes in onderstaande tabel verstrek—

VRYBOORDVERMEERDERING BO TABULÊRE VRYBOORD VIR 'N SKIP VAN TIPE „B" WAT BETREF 'N SKIP MET LUIKE WAT NIE AAN REGULASIE 24 (4) (*a*) OF 25 VOLDOEN NIE.

Lengte van skip. (voet)	Vryboord-vermeerdering (duim)	Lengte van skip. (voet)	Vryboord-vermeerdering (duim)
350 of minder	2·0	510	9·6
360	2·3	520	10·0
370	2·6	530	10·4
380	2·9	540	10·7
390	3·3	550	11·0
400	3·7	560	11·4
410	4·2	570	11·8
420	4·7	580	12·1
430	5·2	590	12·5
440	5·8	600	12·8
450	6·4	610	13·1
460	7·0	620	13·4
470	7·6	630	13·6
480	8·2	640	13·9
490	8·7	650	14·1
500	9·2	660	14·3

Vryboorde by tussenliggende skeepslengtes moet deur lineêre interpolasie verkry word.

'n Skip wat langer as 660 voet is, is onderworpe aan beslissing deur die Owerheid.

(*e*) if the ship is over 738 feet in length, the machinery space shall be treated as a floodable compartment but with a permeability of 0.85.

(4) In considering subregulation (3) (*d*) and (*e*) the limits given in regulation 39 (3) (*a*), (*b*) and (*c*) shall be regarded as satisfactory. The relevant calculations shall be based upon the following main assumptions—

(*a*) the vertical extent of damage is equal to the depth of the ship;

(*b*) the penetration of damage is not more than B/5;

(*c*) no main transverse bulkhead is damaged;

(*d*) the height of the centre of gravity above the base line is assessed allowing for homogeneous loading of cargo holds, and for 50 per cent of the designed capacity of consumable fluids and stores, etc.

(5) In calculating the freeboard of a Type "B" ship which complies with requirements of subregulations (3) and (4), the values from Table B shall not be reduced by more than 60 per cent of the difference between the 'B' and 'A' tabular values for the appropriate ship length.

(6) The reduction in tabular freeboard allowed under subregulation (5) may be increased up to the total difference between the values in Table A and those in Table B on condition that the ship complies with the requirements of regulations 35, 36 and 38, as if it were a Type "A" ship, and further complies with the provisions of subregulation (3) (*a*) to (*e*) except that the reference in subregulation (3) (*d*) to the flooding of any single damaged compartment shall be treated as a reference to the flooding of any two adjacent fore and aft compartments, neither of which is the machinery space. Also, any such ship of over 738 feet in length, when loaded to its summer load waterline, shall remain afloat in a satisfactory condition of equilibrium after flooding of the machinery space, taken alone, at an assumed permeability of 0.85.

(7) A Type "B" ship which in position 1 has hatchways fitted with hatch covers which comply with the requirements of regulation 24, other than subregulation (4) (*a*) thereof, shall be assigned freeboards based upon the values given in Table B increased by the values given in the following table:

FREEBOARD INCREASE OVER TABULAR FREEBOARD FOR A TYPE "B" SHIP, FOR A SHIP WITH HATCH COVERS NOT COMPLYING WITH REGULATION 24 (4) (*a*) or 25.

Length of ship. (feet)	Freeboard increase. (inches)	Length of ship. (feet)	Freeboard increase (inches)
350 or below	2·0	510	9·6
360	2·3	520	10·0
370	2·6	530	10·4
380	2·9	540	10·7
390	3·3	550	11·0
400	3·7	560	11·4
410	4·2	570	11·8
420	4·7	580	12·1
430	5·2	590	12·5
440	5·8	600	12·8
450	6·4	610	13·1
460	7·0	620	13·4
470	7·6	630	13·6
480	8·2	640	13·9
490	8·7	650	14·1
500	9·2	660	14·3

Freeboards at intermediate lengths of ship shall be obtained by linear interpolation.

A ship above 660 feet in length shall be dealt with by the Authority.

41. SKEPE SONDER SELFSTANDIGE VOORTBEWEGINGSMIDDELS

Aan 'n ligter, trekskuit of ander skip sonder selfstandige voortbewegingsmiddel moet 'n vryboord ooreenkomstig die bepalings van hierdie Deel toegewys word. In die geval van 'n onbemande trekskuit, is die vereistes van regulasies 34, 36 en 54 egter nie van toepassing nie. Aan so 'n onbemande trekskuit, wat in die vryboorddek slegs klein toegangsopenings het, gesluit met waterdigte luike van staal of 'n gelykwaardige materiaal, met pakkings, mag 'n vryboord van 25 persent minder as dié volgens hierdie Deel bereken toegewys word.

42. VRYBOORDTABELLE VIR SKEPE VAN TIPE ‚A' EN TIPE ‚B'

(1) *Skip van tipe „A"*. Die tabulêre vryboord vir 'n skip van tipe „A" moet ooreenkomstig onderstaande tabel bepaal word.

TABEL A.

Lengte van skip (voet).	Vryboord (duim)	Lengte van skip (voet).	Vryboord (duim).	Lengte van skip (voet).	Vryboord (duim).
80 of minder	8·0	460	71·1	840	120·1
90	8·9	470	73·1	850	120·7
100	9·8	480	75·1	860	121·4
110	10·8	490	77·1	870	122·1
120	11·9	500	79·0	880	122·7
130	13·0	510	80·9	890	123·4
140	14·2	520	82·7	900	124·0
150	15·5	530	84·5	910	124·6
160	16·9	540	86·3	920	125·2
170	18·3	550	88·0	930	125·7
180	19·8	560	89·6	940	126·2
190	21·3	570	91·1	950	126·7
200	22·9	580	92·6	960	127·2
210	24·5	590	94·1	970	127·7
220	26·2	600	95·5	980	128·1
230	27·8	610	96·9	990	128·6
240	29·5	620	98·3	1,000	129·0
250	31·1	630	99·6	1,010	129·4
260	32·8	640	100·9	1,020	129·9
270	34·6	650	102·1	1,030	130·3
280	36·3	660	103·3	1,040	130·7
290	38·0	670	104·4	1,050	131·0
300	39·7	680	105·5	1,060	131·4
310	41·4	690	106·6	1,070	131·7
320	43·2	700	107·7	1,080	132·0
330	45·0	710	108·7	1,090	132·3
340	46·9	720	109·7	1,100	132·6
350	48·8	730	110·7	1,110	132·9
360	50·7	740	111·7	1,120	133·2
370	52·7	750	112·6	1,130	133·5
380	54·7	760	113·5	1,140	133·8
390	56·8	770	114·4	1,150	134·0
400	58·8	780	115·3	1,160	134·3
410	60·9	790	116·1	1,170	134·5
420	62·9	800	117·0	1,180	134·7
430	65·0	810	117·8	1,190	135·0
440	67·0	820	118·6	1,200	135·2
450	69·1	830	119·3		

Vryboorde by tussenliggende skeepslengtes moet deur lineêre interpolasie verkry word.

'n Skip wat langer as 1,200 voet is, is onderworpe aan beslissing deur die Owerheid.

41. SHIPS WITHOUT INDEPENDENT MEANS OF PROPULSION

A lighter, barge or other ship without independent means of propulsion, shall be assigned a freeboard in accordance with the provisions of this Part. However, in the case of a barge which is unmanned, the requirements of regulations 34, 36 and 54 shall not apply. Such an unmanned barge which has on the freeboard deck only small access openings closed by watertight gasketed covers of steel or other equivalent material may be assigned freeboards 25 per cent less than those calculated in accordance with this Part.

42. FREEBOARD TABLES FOR TYPE "A" AND "B" SHIPS

(1) *Type "A" Ship*. The tabular freeboard for a type "A" ship shall be determined from the following table:—

TABLE A.

Length of ship (feet).	Freeboard (inches).	Length of ship (feet).	Freeboard (inches).	Length of ship (feet).	Freeboard (inches).
80 or less	8·0	460	71·1	840	120·1
90	8·9	470	73·1	850	120·7
100	9·8	480	75·1	860	121·4
110	10·8	490	77·1	870	122·1
120	11·9	500	79·0	880	122·7
130	13·0	510	80·9	890	123·4
140	14·2	520	82·7	900	124·0
150	15·5	530	84·5	910	124·6
160	16·9	540	86·3	920	125·2
170	18·3	550	88·0	930	125·7
180	19·8	560	89·6	940	126·2
190	21·3	570	91·1	950	126·7
200	22·9	580	92·6	960	127·2
210	24·5	590	94·1	970	127·7
220	26·2	600	95·5	980	128·1
230	27·8	610	96·9	990	128·6
(1) Where bulwarks on the weather portions of freeboard or superstructure decks form "wells", ample provision shall be made for rapidly freeing the decks of water and for draining them. The minimum freeing port area on each side of the ship for each "well" on freeboard decks and on raised quarter-decks shall be that given by the following scale; the minimum area for each well on any superstructure deck other than a raised quarter-deck shall be one-half the area given by that scale. Where the length of the well exceeds seven-tenths

SCALE OF FREEING PORT AREA.

Length of Bulwarks in "Well" in Feet,	Freeing Port Area on each side in Square Feet.
15	8·0
20	8·5
25	9·0
30	9·5
35	10·0
40	10·5
45	11·0
50	11·5
55	12·0
60	12·5
65	13·0
Above 65	1 square foot for each additional 5 feet length of bulwark.

heid sodanige tabel wysig. In 'n skip met 'n seeg wat kleiner as die standaard is, moet die oppervlakte van die waterafvoerpoorte vergroot word soos deur die Toewysende Owerheid vereis word.

(2) Die onderkant van die waterafvoerpoorte moet so na aan die dek wees as wat prakties moontlik is en oor die algemeen nie hoër as die bokant van die stringerhoekstaal nie. Twee-derdes van die voorgeskrewe oppervlakte van die waterafvoerpoorte moet aangebring word in die midskeepse helfte van die kuil.

(3) Al sulke openings in die verskansings moet deur traliewerk of stawe, omtrent 9 duim van mekaar, beskerm word. Indien luike aan waterafvoerpoorte aangebring word, moet vir ruim speling gesorg word ten einde klemming te vermy. Die skarniere moet van geelkoperpenne voorsien word.

86. Beskerming van die Bemanning

(1) Loopbrûe, reddingslyne of ander bevredigende middels moet aangebring word om die bemanning te beskerm wanneer hulle na hulle kwartiere gaan of daarvandaan kom.

(2) Die sterkte van die dekhuise van die akkommodasie vir die bemanning op 'n gladdedekskip moet gelykwaardig wees aan dié wat vir die beskotte van die bobou vereis word.

87. Spesiale Bepaling vir Buitengewone Skepe

Die Owerheid kan, nieteenstaande enigiets in die voorafgaande bepalings van hierdie Deel vervat, in enige buitengewone geval afwykings van die genoemde bepalings vergun.

HOOFSTUK III: BEREKENING VAN VRYBOORDE

88. Vryboorde vir 'n Skip Behalwe 'n Tenkskip of 'n Skip van 'n Besondere Tipe

Behoudens die bepalings van artikel 207 (*b*) (ii) van die Wet en regulasie 87, word die vryboorde vir 'n skip, behalwe 'n tenkskip of 'n skip van 'n besondere tipe waaraan vryboorde kragtens Hoofstukke V en VI toegewys word, ooreenkomstig hierdie Hoofstuk bereken.

89. Korreksie vir Diepte (D)

In die geval van 'n skip sonder 'n ingeslote bobou wat minstens .6L midskeeps beslaan en sonder 'n volledige skag of sonder 'n kombinasie van intakte gedeeltelike boboue en skag wat oor die hele voor en agterkant strek, mag ,wanneer D kleiner as $\frac{L}{15}$ is, die diepte wat met die tabel in regulasie 121 gebruik word nie kleiner as $\frac{L}{15}$ geneem word nie.

90. Volheidskoëffisiënt

Die volheidskoëffisiënt (c) word verkry van die formule—

$$c = \frac{35\triangle}{L.B.d_1}$$

waarby $\triangle$ die skip se waterverplasing ooreenkomstig die mal in ton (met uitsluiting van skroefasverdikking) is by 'n gemiddelde diepgang ooreenkomstig die mal van d_1 wat 85 persent van die holte in die sye is.

Die koëffisiënt (c) mag nie kleiner as .68 geneem word nie.

of the length of the ship the Assigning Authority may modify such scale. In a ship with less than the standard sheer, the freeing port area shall be increased as required by the Assigning Authority.

(2) The lower edges of the freeing ports shall be as near the deck as practicable and as a general rule shall not be higher than the upper edge of the gunwale bar. Two-thirds of the freeing port area required shall be provided in the midship half of the well.

(3) All such openings in the bulwarks shall be protected by rails or bars spaced about 9 inches apart. If shutters are fitted to freeing parts, ample clearance shall be provided to prevent jamming. Hinges shall have brass pins.

86. Protection of Crew

(1) Gangways, lifelines or other satisfactory means shall be provided for the protection of the crew in getting to and from their quarters.

(2) The strength of houses for the accommodation of the crew on a flush deck ship shall be equivalent to that required for superstructure bulkheads.

87. Special Provision for Exceptional Ships

Notwithstanding anything in the foregoing provisions of this Part the Authority may, in any exceptional case, allow departures from the said provisions.

CHAPTER III: COMPUTATION OF FREEBOARDS

88. Freeboards for a Ship other than a Tanker or a Ship of Special Type

Subject to the provisions of section 207 (*b*) (ii) of the Act and of regulation 87, the freeboards for a ship other than a tanker or a ship of special type to which freeboards are assigned under Chapters V and VI, shall be computed in accordance with this Chapter.

89. Correction for Depth (D)

In a ship without an enclosed superstructure covering at least .6 L amidships, without a complete trunk or without a combination of intact partial superstructures and trunk extending all fore and aft, where D is less than $\frac{L}{15}$, the depth used with the table contained in regulation 121 shall not be taken as less than $\frac{L}{15}$.

90. Coefficient of Fineness

The coefficient of fineness (*c*) shall be obtained from the formula:—

$$c = \frac{35\triangle}{L.B.d_1}$$

where $\triangle$ is the ship's moulded displacement in tons (excluding bossing) at a mean moulded draught d_1 which is 85 per cent of the moulded depth.

The coefficient (*c*) shall not be taken as less than .68.

91. STERKTE

(1) Die Toewysende Owerheid moet met die strukturele sterkte van 'n skip tevrede wees voordat 'n vryboord toegewys word. 'n Skip wat aan die hoogste standaarde van die vereistes van die Toewysende Owerheid voldoen, word as sterk genoeg beskou vir die minimum vryboorde wat kragtens hierdie Deel toegelaat word.

(2) 'n Skip wat nie aan die hoogste standaarde van die vereistes in subregulasie (1) gemeld voldoen nie, word soveel groter vryboorde toegewys as wat die Toewysende Owerheid mag bepaal, met inagneming van die mate waarin die skip voldoen aan die onderstaande weerstandsmomente:

(*a*) *Materiaal.*—By die vasstelling van die weerstandsmomente word uitgegaan van die veronderstelling dat vir die bouwerk gebruik gemaak is van vloeistaal wat volgens die opehardproses (suur of basies) vervaardig is en wat 'n treksterkte het van 26 tot 32 ton per vierkantduim en 'n verlenging van minstens 16 persent oor 'n lengte van 8 duim.

Sterktedek.—Die sterktedek is die boonste dek wat ingesluit is by en 'n integrerende deel uitmaak van die langsdraer binne die halwe lengte midskeeps.

Holte tot sterktedek (*Ds*).—Die holte tot die sterktedek is die vertikale afstand in voet midskeeps gemeet van die bokant van die kiel tot die bokant van die dekbalk van die sterktedek aan die kant.

Diepgang (*d*).—Die diepgang is die vertikale afstand in voet midskeeps gemeet van die bokant van die kiel tot die middelpunt van die sirkel.

(*b*) *Weerstandsmoment vir langsskeepse sterkte.*—Die weerstandsmoment vir langsskeepse sterkte $\frac{I}{y}$ is die traagheidsmoment I van die grootspant ten opsigte van die neutrale as, gedeel deur die afstand y, gemeet van die neutrale as tot die bokant van die dekbalk van die sterktedek aan die kant, bereken by die openings maar sonder aftrekking van naelgate. Oppervlaktes word in vierkante duim en afstande in voet bereken.

Onder die sterktedek word alle deurlopende langsverbanddele inbegryp met uitsondering van dié dele van onderdeklangsdraers wat uitsluitlik vir stutdoeleindes gebruik word. Bo die sterktedek is die stringerhoekstaal en die bogedeelte van die bergshoutsgang die enigste dele wat inbegryp word.

Die vereiste weerstandsmoment vir langsskeepse sterkte van die werklike materiaaldeursnee word uitgedruk deur f.d.B waarin f die faktor is wat uit die onderstaande tabel verkry word:—

L.	f.	L.	f.
100	1·80	360	9·40
120	2·00	380	10·30
140	2·35	400	11·20
160	2·70	420	12·15
180	3·15	440	13·10
200	3·60	460	14·15
220	4·20	480	15·15
240	4·80	500	16·25
260	5·45	520	17·35
280	6·20	540	18·45
300	6·95	560	19·60
320	7·70	580	20·80
340	8·55	600	22·00

Vir tussenliggende lengtes word die waarde van f deur interpolasie bepaal.

91. STRENGTH

(1) The Assigning Authority shall be satisfied with the structural strength of any ship before assigning to it a freeboard. A ship which complies with the highest standards of the requirements of the Assigning Authority shall be regarded as having sufficient strength for the minimum freeboards allowed under this Part.

(2) A ship which does not comply with the highest standards of the requirements mentioned in subregulation (1), shall be assigned such increased freeboards as shall be determined by the Assigning Authority, having regard to the extent to which the ship complies with the following strength moduli:—

(*a*) *Material.*—The strength moduli are based on the assumption that the structure is built of mild steel, manufactured by the open hearth process (acid or basic), and having a tensile strength of 26 to 32 tons per square inch, and an elongation of at least 16 per cent on a length of 8 inches.

Strength Deck.—The strength deck is the uppermost deck which is incorporated into and forms an integral part of the longitudinal girder within the half-length amidships.

Depth to Strength Deck (*Ds*).—The depth to strength deck is the vertical distance in feet amidships from the top of the keel to the top of the strength deck beam at side.

Draught (*d*).–The draught is the vertical distance in feet amidships from the top of the keel to the centre of the ring.

(*b*) *Longitudinal Modulus.*—The longitudinal modulus $\frac{I}{y}$ is the moment of inertia I of the midship section about the neutral axis divided by the distance y measured from the neutral axis to the top of the strength deck beam at side, calculated in way of openings but without deductions for rivet holes. Areas are measured in square inches and distances in feet.

Below the strength deck, all continuous longitudinal members other than such parts of the under deck girders as are required entirely for supporting purposes, are included. Above the strength deck, the gunwale angle bar and the extension of the sheer-strake are the only members included.

The required longitudinal modulus for effective material is expressed by the formula f.d.B., where f is the factor obtained from the following table:—

L.	f.	L.	f.
100	1·80	360	9·40
120	2·00	380	10·30
140	2·35	400	11·20
160	2·70	420	12·15
180	3·15	440	13·10
200	3·60	460	14·15
220	4·20	480	15·15
240	4·80	500	16·25
260	5·45	520	17·35
280	6·20	540	18·45
300	6·95	560	19·60
320	7·70	580	20·80
340	8·55	600	22·00

For intermediate lengths, the value of f is determined by interpolation.

Hierdie formule is van toepassing wanneer L nie 600 voet oorskry nie, die waarde van B geleë is tussen— $\frac{L}{10} + 5$ en $\frac{L}{10} + 20$, albei ingesluit, en $\frac{L}{Ds}$ geleë is tussen 10 en 13.5, albei ingesluit.

(*c*) *Spant.*—Vir die berekening van die weerstandsmoment van die spant, word aangeneem dat die spant bestaan uit 'n spanthoekstaal en 'n keerspanthoekstaal wat elk van dieselfde afmetings en dikte is.

Weerstandsmoment van die Spant.—Die weerstandsmoment $\frac{I}{y}$ van die middelste spant onder die onderste ry balke is die traagheidsmoment I van die spantdeursnee ten opsigte van die neutrale as, gedeel deur die afstand y, gemeet vanaf die neutrale as tot die uiteinde van die spantdeursnee en bereken sonder aftrekking van nael- en boutgate. Die weerstandsmoment word in duimeenhede uitgedruk.

Die vereiste weerstandsmoment van die spant word aangedui deur die formule—

$$\frac{s\,(d - t)\,(f_1 + f_2)}{1{,}000}$$ waarin—

s die spantafstand in duime is;

t is die vertikale afstand in voet midskeeps vanaf die bokant van die kiel tot 'n punt halfpad tussen die bokant van die binneboom aan die kant en die bokant van die kimknieplaat soos in die figuur aan die einde van hierdie regulasie. Wanneer daar geen dubbelboom is nie, word t gemeet tot 'n punt halfpad tussen die bokant van die wrang in die middel en die bokant van die wrang aan die kant;

f_1 is 'n koëffisiënt wat afhanklik is van H, wat in 'n skip met 'n dubbelboom die vertikale afstand in voet is van die middel van die balkbord van die onderste ry balke aan die kant tot 'n punt halfpad tussen die bokant van die binneboom aand die kant en die kimknieplaat soos in die figuur. Wanneer daar geen dubbelboom is nie, word H gemeet tot 'n punt halfpad tussen die bokant van die wrang in die middel en die bokant van die wrang aan die kant. Wanneer die spant as gevolg van die vorm van die skip ekstra sterkte verkry, moet by die bepaling van die waarde van f_1 hiermee rekening gehou word.

f_2 is 'n koëffisiënt wat afhanklik is van K wat die vertikale afstand in voet is vanaf die bokant van die onderste ry balke aan die kant tot 'n punt 7 voet 6 duim bokant die vryboorddek aan die kant of, indien daar 'n bobou is, tot 'n punt 12 voet 6 duim bo die vryboorddek aan die kant soos in die figuur. Die waardes van f_1 en f_2 word uit die volgende tabelle verkry:—

This formula applies where L does not exceed 600 feet, B is between $\frac{L}{10} + 5$ and $\frac{L}{10} + 20$, both inclusive, and $\frac{L}{Ds}$ is between 10 and 13.5, both inclusive.

(*c*) *Frame.*—For the purpose of the frame modulus, the frame is regarded as composed of a frame angle and a reverse angle each of the same size and thickness.

Frame Modulus.—The modulus $\frac{I}{y}$ of the midship frame below the lowest tier of beams is the moment of inertia I of the frame section about the neutral axis divided by the distance y measured from the neutral axis to the extremity of the frame section, calculated without deduction for rivet and bolt holes. The modulus is measured in inch units.

The required frame modulus is expressed by the formula

$$\frac{s\,(d - t)\,(f_1 + f_2)}{1{,}000}$$ where—

s is the frame spacing in inches;

t is the vertical distance in feet measured at amidships from the top of the keel to a point midway between the top of the inner bottom at side and the top of the heel bracket as in the figure appearing at the end of this regulation; where there is no double bottom, t is measured to a point midway between the top of the floor at centre and the top of the floor at side;

f_1 is a coefficient depending on H, which, in a ship fitted with a double bottom, is the vertical distance in feet from the middle of the beam bracket of the lowest tier of beams at side to a point midway between the top of the inner bottom at side and the top of the heel bracket as in the figure. Where there is no double bottom, H is measured to a point midway between the top of the floor at centre and the top of the floor at side. Where the frame obtains additional strength from the form of the ship, due allowance is made in the value of f_1;

f_2 is a coefficient depending on K, which is the vertical distance in feet from the top of the lowest tier of beams at side to a point 7 feet 6 inches above the freeboard deck at side, or, if there is a superstructure, to a point 12 feet 6 inches above the freeboard deck at side as in the figure. The values of f_1 and f_2 are obtained from the following tables:—

H in voet.	0	7	9	11	13	15	17	19	21	23	25
f_1	9	11	12·5	15	19	24	29·5	36	43	51	59

K in voet.	0	5	10	15	20	25	30	35	40
f_2	0	0·5	1·0	2·0	3·0	4·5	6·5	9·0	12·0

H in feet	0	7	9	11	13	15	17	19	21	23	25
f_1	9	11	12·5	15	19	24	29·5	36	43	51	59

K in feet	0	5	10	15	20	25	30	35	40
f_2	0	0·5	1·0	2·0	3·0	4·5	6·5	9·0	12·0

Tussenliggende waardes word deur interpolasie verkry.

Hierdie formule is van toepassing wanneer D geleë is tussen 15 voet en 60 voet, albei ingesluit, B geleë is tussen $\frac{L}{10} + 5$ en $\frac{L}{10} + 20$, albei ingesluit, $\frac{L}{Ds}$ geleë tussen 10 en 13.5, albei ingesluit, en die horisontale afstand van die buitekant van die spant tot die middel van die eerste ry stutte 20 voet nie te bowe gaan nie.

In 'n enkeldekskip van gewone vorm, wanneer H nie groter as 18 voet is nie, word die weerstandsmoment van die spant wat volgens die voorafgaande metode bepaal is, met die faktor f_3 vermenigvuldig waarby $f_3 = .50 + .05 (H - 8)$.

Wanneer die horisontale afstand van die buitekant van die spant tot die middel van die eerste ry stutte 20 voet te bowe gaan, moet voldoende ekstra sterkte tot tevredenheid van die Toewysende Owerheid voorsien word.



Intermediate values are obtained by interpolation.

This formula applies where D is between 15 feet and 60 feet, both inclusive, B is between $\frac{L}{10} + 5$ and $\frac{L}{10} + 20$, both inclusive, $\frac{L}{Ds}$ is between 10 and 13.5, both inclusive; and the horizontal distance from the outside of the frame to the centre of the first row of pillars does not exceed 20 feet.

In a single deck ship of ordinary form, where H does not exceed 18 feet, the frame modulus determined by the preceding method is multiplied by the factor f_3 where $f_3 = .50 + .05 (H - 8)$.

Where the horizontal distance from the outside of the frame to the centre of the first row of pillars exceeds 20 feet, sufficient additional strength shall be provided to the satisfaction of the Assigning Authority.



92. Hoogte van Bobou

Die hoogte van 'n bobou is die kleinste vertikale hoogte gemeet vanaf die bokant van die boboudek tot die bokant van die vryboorddekbalke min die verskil tussen D en die holte in die sye.

93. Standaardhoogte van 'n Bobou of 'n Skag

Die standaardhoogte van 'n verhoogte agterdek is 3 voet vir 'n skip met 'n lengte tot en met 100 voet, 4 voet vir 'n skip met 'n lengte van 250 voet en 6 voet vir 'n skip met 'n lengte van 400 voet of meer. Die standaardhoogte van enige ander bobou of van 'n skag is 6 voet vir 'n skip met 'n lengte tot en met 250 voet en 7 voet 6 duim vir 'n skip met 'n lengte van 400 voet of meer. Die standaardhoogte vir tussenliggende lengtes word deur interpolasie verkry.

94. Lengte van Bobou

Die lengte van 'n bobou (S) is die gemiddelde bedekte lengte van die dele van die bobou wat hulle uitstrek van boord tot boord en geleë is binne lyne wat loodreg getrek is op die uiteindes van die somerlaswaterlyn.

95. Beskotte van die Bobou

Beskotte aan die blootgestelde eindes van kampanjes, brughuise en voorkastele word geag van deugdelike konstruksie te wees wanneer die Toewysende Owerheid oortuig is dat hulle onder die omstandighede gelykwaardig is aan die volgende standaard vir 'n skip met 'n minimum vryboord. Volgens hierdie standaard het die verstywingstyle en die beplating die afmetings soos in onderstaande tabel 3 vasgestel, is die style 30 duim van mekaar gespasieer, het die style op die beskotte aan die voorkant van die kampanje en van die brughuis deugdelike eindverbindings en loop die style op die beskotte aan die agterkant van die brughuis en van die voorkasteel oor die hele afstand tussen die randhoekstale van die beskotte deur.

92. Height of Superstructures

The height of a superstructure shall be the least vertical height measured from the top of the superstructure deck to the top of the freeboard deck beams minus the difference between D and the moulded depth.

93. Standard Height of a Superstructure or of a Trunk

The standard height of a raised quarter-deck shall be 3 feet for a ship up to and including 100 feet in length, 4 feet for a ship 250 feet in length and 6 feet for a ship 400 feet in length or above. The standard height of any other superstructure or of a trunk shall be 6 feet for a ship up to and including 250 feet in length and 7 feet 6 inches for a ship 400 feet in length or above. The standard height at intermediate lengths shall be obtained by interpolation.

94. Length of Superstructure

The length of a superstructure (S) shall be the mean covered length of the parts of the superstructure which extend to the sides of the ship and lie within lines drawn perpendicular to the extremities of the summer load waterline.

95. Superstructure Bulkheads

Bulkheads at exposed ends of poops, bridges and forecastles shall be deemed to be of efficient construction where the Assigning Authority is satisfied that, in the circumstances, they are equivalent to the following standard for a ship with minimum freeboards under which standard the stiffeners and plating are of the scantlings given in Table 3 hereinafter contained, the stiffeners are spaced 30 inches apart, the stiffeners on poop and bridge front bulkheads have efficient end connections, and those on after bulkheads of bridges and forecastles extend for the whole distance between the margin angles of the bulkheads.

TABEL 3.

Blootgestelde beskotte van 'n bobou met standaardhoogte.

Beskotte aan die voorkant van 'n brughuis. Onbeskermde beskotte van 'n kampanje met 'n lengte van ·4L of groter.		Beskotte van 'n kampanje wat gedeeltelik beskerm is of 'n lengte het van minder as ·4L.		Beskotte aan die agterkant van 'n brughuis of 'n voorkasteel.	
Lengte van skip.	Style van bulbhoekstale.	Lengte van skip.	Style van gewone hoekstale.	Lengte van skip.	Style van gewone hoekstale.
Voet.	Duim.	Voet.	Duim.	Voet.	Duim.
Minder as 160	5½ × 3 × ·30	Minder as 150	3 × 2½ × ·30	Minder as 150	2½ × 2½ × ·26
160	6 × 3 × ·32	150	3½ × 2½ × ·32	150	3 × 2½ × ·28
200	6½ × 3 × ·34	200	4 × 3 × ·34	250	3½ × 3 × ·30
240	7 × 3 × ·36	250	4½ × 3 × ·36	350	4 × 3 × ·32
280	7½ × 3 × ·38	300	5 × 3 × ·38		
320	8 × 3 × ·40	350	5½ × 3 × ·42		
360	8½ × 3 × ·42	400	6 × 3 × ·44		
400	9 × 3 × ·44	450	6½ × 3½ × ·46		
440	9½ × 3½ × ·46	500	7 × 3½ × ·48		
480	10 × 3½ × ·48	550	7 × 3½ × ·50		
520	10½ × 3½ × ·50				
560	11 × 3½ × ·52				
Lengte van skip.	Beskotbeplating.	Lengte van skip.	Beskotbeplating.	Lengte van skip.	Beskotbeplating.
Voet.	Duim.	Voet.	Duim.	Voet.	Duim.
200 en kleiner	·3	160 en kleiner	·24	160 en kleiner	·20
380 en groter	·44	400 en groter	·38	400 en groter	·30

Vir 'n skip met 'n tussenliggende lengte moet die dikte van die beskotbeplating deur interpolasie verkry word.

TABLE 3.

EXPOSED BULKHEADS OF SUPERSTRUCTURES OF STANDARD HEIGHT.

Bridge front bulkheads. Unprotected bulkheads of poops ·4L or more in length.		Bulkheads of poops partially protected or less in length than ·4L.		After bulkheads of bridges and forecastles.	
Length of ship.	Bulb Angle stiffeners.	Length of ship.	Plain angle stiffeners.	Length of ship.	Plain angle stiffeners.
Feet.	Inches.	Feet.	Inches.	Feet.	Inches.
Under 160	5½×3 ×·30	Under 150	3 ×2½×·30	Under 150	2½×2½×·26
160	6 ×3 ×·32	150	3½×2½×·32	150	3 ×2½×·28
200	6½×3 ×·34	200	4 ×3 ×·34	250	3½×3 ×·30
240	7 ×3 ×·36	250	4½×3 ×·36	350	4 ×3 ×·32
280	7½×3 ×·38	300	5 ×3 ×·38		
320	8 ×3 ×·40	350	5½×3 ×·42		
360	8½×3 ×·42	400	6 ×3 ×·44		
400	9 ×3 ×·44	450	6½×3½×·46		
440	9½×3½×·46	500	7 ×3½×·48		
480	10 ×3½×·48	550	7 ×3½×·50		
520	10½×3½×·50				
560	11 ×3½×·52				
Length of ship.	Bulkhead plating.	Length of ship.	Bulkhead plating.	Length of ship.	Bulkhead plating.
Feet.	Inches.	Feet.	Inches.	Feet.	Inches.
200 and under	·3	160 and under	·24	160 and under	·20
380 and above	·44	400 and above	·38	400 and above	·30

For a ship intermediate in length, the thicknesses of bulkhead plating shall be obtained by interpolation.

INRIGTINGS OM DIE TOEGANGSOPENINGS IN BESKOTTE AAN DIE ENTE VAN VRYSTAANDE BOBOU AF TE SLUIT

96. SLUITINGSMIDDELS VAN KLAS 1

Sluitingsmiddels van klas 1 moet sluitingsmiddels wees wat aan die volgende voorwaardes voldoen: Hulle moet van yster of staal wees, hulle moet in alle gevalle blywend en stewig aan die beskot bevestig wees, hulle moet geraam, verstyf en sodanig aangebring wees dat die hele struktuur net so sterk is as die beskot sonder openings en hulle moet dig wees teen wind en weer wanneer hulle gesluit is. Die middels waardeur hierdie inrigtings bevestig word, moet blywend aan die beskot of aan die inrigtings bevestig wees en die inrigtings moet sodanig wees dat hulle aan beide kante van die beskot of van die dek daarbo gesluit en bevestig kan word. Die drempels van die toegangsopenings moet minstens 15 duim bo die dek wees.

97. SLUITINGSMIDDELS VAN KLAS 2

Die volgende sluitingsmiddels is sluitingsmiddels van klas 2—

(*a*) stewig geraamde skarnierdeure van harde hout, wat hoogstens 30 duim breed en minstens 2 duim dik is;

(*b*) los planke wat oor die volle hoogte van die opening aangebring is tussen kanaalysters wat op die beskot vasgeklink is. Hierdie los planke moet minstens 2 duim dik wees wanneer die wydte van die opening 30 duim of minder is en waarvan die dikte vermeerder moet word in die verhouding van 1 duim vir elke vermeerdering van 15 duim in die wydte; of

(*c*) verplaasbare plate wat netso doeltreffend is as die middels in paragraaf (*a*) of (*b*) gespesifiseer.

TYDELIKE INRIGTINGS VIR DIE AFSLUIT VAN OPENINGS IN BOBOUDEKKE

98. TYDELIKE SLUITINGSMIDDELS

Tydelike sluitingsmiddels vir openings in die middevlak in die dek van 'n ingeslote bobou word doeltreffend geag as hulle bestaan uit—

(*a*) 'n staalluikhoof van minstens 9 duim hoog wat op deugdelike wyse op die dek vasgeklink is;

APPLIANCES FOR CLOSING ACCESS OPENINGS IN BULKHEADS AT ENDS OF DETACHED SUPERSTRUCTURES

96. CLASS 1 CLOSING APPLIANCES

Class 1 closing appliances shall be closing appliances which comply with the following conditions: They shall be constructed of iron or steel, they shall in all cases be permanently and strongly attached to the bulkhead, they shall be framed, stiffened and fitted so that the whole structure is of equivalent strength to the unpierced bulkhead, and they shall be weathertight when closed. The means for securing these appliances shall be permanently attached to the bulkhead or to the appliances and the latter shall be so arranged that they can be closed and secured from both sides of the bulkhead or from the deck above. The sills of the access openings shall be at least 15 inches above the deck.

97. CLASS 2 CLOSING APPLIANCES

The following closing appliances shall be Class 2 closing appliances—

(*a*) strongly framed hardwood hinged doors, which are not more than 30 inches wide or less than 2 inches thick;

(*b*) shifting boards fitted for the full height of the opening in channels riveted to the bulkheads, the shifting boards being at least 2 inches thick where the width of opening is 30 inches or less, and increased in thickness at the rate of 1 inch for each additional 15 inches of width; or

(*c*) portable plates of efficiency equal to the appliances specified in paragraph (*a*) or (*b*).

TEMPORARY APPLIANCES FOR CLOSING OPENINGS IN SUPERSTRUCTURE DECKS

98. TEMPORARY CLOSING APPLIANCES

Temporary closing appliances for middle line openings in the deck of an enclosed superstructure shall be regarded as efficient if they consist of—

(*a*) a steel coaming not less than 9 inches in height efficiently riveted to the deck;

(*b*) luike soos vereis in regulasie 67 wat bevestig is deur middel van hennepsjorrings; en
(*c*) luikstutte soos vereis in regulasies 68 en 69 en in tabel 1 of 2 in regulasie 68.

99. VASSTELLING VAN EFFEKTIEWE LENGTE VAN 'N VRYSTAANDE BOBOU

Ten einde die effektiewe lengte van 'n vrystaande bobou te bepaal, is regulasies 100 tot 105 van toepassing.

100. ALGEMEEN

(1) Wanneer blootgestelde eindbeskotte van kampanjes, brughuise en voorkastele nie doeltreffend gebou is nie word hulle as nie-bestaande beskou.
(2) Wanneer daar in die sybeplating van 'n bobou 'n opening aangebring is wat nie van permanente sluitingsmiddels voorsien is nie, word geag dat die gedeelte van die bobou dwars van die opening geen effektiewe lengte het nie.
(3) Wanneer die hoogte van 'n bobou kleiner as standaard is, word die lengte daarvan in verhouding van die werklike tot die standaardhoogte verminder. Wanneer die hoogte die standaard oorskry, word die lengte van die bobou nie vermeerder nie.

101. KAMPANJE

(1) Wanneer daar 'n doeltreffende beskot is en die toegangsopenings van sluitingsmiddels van klas 1 voorsien is, is die lengte van die kampanje tot by die beskot die effektiewe lengte.
(2) Wanneer die toegangsopenings in 'n doeltreffende beskot van sluitingsmiddels van klas 2 voorsien is en die lengte van die kampanje tot by die beskot .5 L of minder is, is 100 persent van daardie lengte die effektiewe lengte; wanneer die lengte .7 L of meer is, is 90 persent van daardie lengte die effektiewe lengte; wanneer die lengte tussen .5 L en .7 L geleë is, is 'n tussengeleë persentasie van daardie lengte die effektiewe lengte; maar wanneer in enige van hierdie gevalle 'n vermindering toegestaan word vir 'n doeltreffende aangrensende skag, word slegs 90 persent van die lengte tot by die beskot as die effektiewe lengte beskou.
(3) Van die lengte van 'n oop kampanje of van 'n oop verlenging van 'n kampanje anderkant 'n doeltreffende beskot, is 50 persent die effektiewe lengte.

102. VERHOOGDE AGTERDEK

Wanneer daar 'n doeltreffende intakte beskot is, is die lengte van die verhoogde agterdek tot by die beskot die effektiewe lengte. Indien die beskot nie intak is nie, word die bobou as 'n kampanje van minder as standaardhoogte beskou.

103. BRUGHUIS

(1) Wanneer daar 'n doeltreffende beskot aan elke ent van die brughuis is en die toegangsopenings in die beskotte voorsien is van sluitingsmiddels van klas 1, is die lengte tussen die beskotte die effektiewe lengte.
(2) Wanneer die toegangsopenings in die frontbeskot van sluitingsmiddels van klas 1 en die toegangsopenings in die agterbeskot van sluitingsmiddels van klas 2 voorsien is, is die lengte tussen die beskotte die effektiewe lengte; maar wanneer 'n vermindering toegestaan word vir 'n doeltreffende skag wat aangrensend is aan die agterbeskot is 90 persent van die lengte die effektiewe lengte. Wanneer die toegangsopenings in beide beskotte van sluitingsmiddels van klas 2 voorsien is, is 90 persent van die lengte tussen die beskotte die effektiewe lengte. Wanneer die toegangsopenings in die frontbeskot van sluitings-

(*b*) hatchway covers as required by regulation 67 secured by hemp lashings; and
(*c*) hatchway supports as required by regulations 68 and 69 and table 1 or 2 in regulation 68.

99. DETERMINATION OF EFFECTIVE LENGTH OF DETACHED SUPERSTRUCTURES

For the purposes of determining the effective length of detached superstructures regulations 100 to 105 shall apply.

100. GENERAL

(1) Where the exposed bulkheads at the ends of poops, bridges and forecastles are not of efficient construction, they shall be treated as non-existent.
(2) Where in the side-plating of a superstructure there is an opening not provided with permanent means of closing, the part of the superstructure in the way of the opening shall be regarded as having no effective length.
(3) Where the height of a superstructure is less than the standard, its length shall be reduced in the ratio of the actual to the standard height. Where the height exceeds the standard, no increase shall be made in the length of the superstructure.

101. POOP

(1) Where there is an efficient bulkhead and the access openings are fitted with Class 1 closing appliances, the length of the poop to the bulkhead shall be the effective length.
(2) Where the access openings in an efficient bulkhead are fitted with Class 2 closing appliances and the length of the poop to the bulkhead is .5L or less, 100 per cent of that length shall be the effective length: where the length is .7L or more, 90 per cent of that length shall be the effective length; where the length is between .5L and .7L an intermediate percentage of that length shall be the effective length; but where in any of these cases an allowance is made for an efficient adjacent trunk, only 90 per cent of the length to the bulkhead shall be the effective length.
(3) Fifty per cent of the length of an open poop or of an open extension of a poop beyond an efficient bulkhead shall be the effective length of the open poop or of the extension, as the case may be.

102. RAISED QUARTER-DECK

Where there is an efficient intact bulkhead, the length of the raised quarter-deck to the bulkhead shall be the effective length. Where the bulkhead is not intact, the superstructure shall be regarded as a poop of less than standard height.

103. BRIDGE

(1) Where there is an efficient bulkhead at each end of the bridge and the access openings in the bulkheads are fitted with Class 1 closing appliances, the length between the bulkheads shall be the effective length.
(2) Where the access openings in the forward bulkhead are fitted with Class 1 closing appliances and the access openings in the after bulkhead with Class 2 closing appliances, the length between the bulkheads shall be the effective length; but where an allowance is made for an efficient trunk adjacent to the after bulkhead, 90 per cent of the length shall be the effective length. Where the access openings in both bulkheads are fitted with Class 2 closing appliances, 90 per cent of the length between the bulkheads shall be the effective length. Where the access openings in the forward bulkhead are fitted

middels van klas 1 of klas 2 voorsien is en die toegangsopenings in die agterbeskot geen sluitingsmiddels het nie, is 75 persent van die lengte tussen die beskotte die effektiewe lengte. Wanneer die toegangsopenings in beide beskotte geen sluitingsmiddels het nie, of sluitingsmiddels wat minder doeltreffend is as dié van klas 2, is 50 persent van die lengte die effektiewe lengte.

(3) 75 persent van die lengte van 'n oop verlenging agter die agterbeskot en 50 persent van 'n oop verlenging voor die frontbeskot is die effektiewe lengte.

104. VOORKASTEEL

(1) Wanneer daar 'n doeltreffende beskot is en die toegangsopenings voorsien is van sluitingsmiddels van klas 1 of klas 2, is die lengte van die voorkasteel tot by die beskot die effektiewe lengte. Wanneer daar geen sluitingsmiddels aangebring is nie en die seeg vóór die middel van die lengte nie kleiner is as die standaardseeg nie, is 100 persent van die lengte van die voorkasteel vóór .1 L van die vóórloodlyn gemeet, die effektiewe lengte.

(2) Wanneer die seeg in die voorskip gelyk is aan of minder is as die helfte van die standaardseeg, is 50 persent van die lengte vóór .1 L van die vóórloodlyn gemeet, die effektiewe lengte; en wanneer die seeg in die voorskip 'n waarde het wat tussen die standaardseeg en die helfte van die standaardseeg geleë is, is 'n tussengeleë persentasie van daardie lengte die effektiewe lengte.

(3) 50 persent van die lengte van 'n oop verlenging anderkant die beskot of anderkant .1 L gemeet vanaf die vóórloodlyn, is die effektiewe lengte.

105. SKAG

(1) 'n Skag of soortgelyke konstruksie wat nie van die een kant van die skip tot die ander strek nie, word as doeltreffend beskou mits—

(*a*) die skag minstens net so sterk as die bobou is;

(*b*) die luikopenings in die skagdek is en aan die vereistes van regulasies 65 tot 73 voldoen en die breedte van die stringerplaat van die skagdek 'n bevredigende loopbrug en toereikende dwarsskeepse styfheid verseker;

(*c*) die skagdek of losstaande skagte wat deur middel van doeltreffende loopbrûe met 'n ander bobou verbind is, voorsien is van 'n blywende begaanbare platform voor en agter met relingwerk toegerus;

(*d*) lugkokers deur die skag, waterdigte deksels of gelykwaardige middels beskerm is;

(*e*) naas die skag op die gedeeltes van die vryboorddek wat aan wind en weer blootgestel is, oop relingwerk oor minstens die helfte van hul lengte aangebring is;

(*f*) die masjienruimskagte deur die skag, 'n bobou van standaardhoogte, of 'n dekhuis van dieselfde hoogte en gelyke sterkte, beskerm is.

(2) Wanneer toegangsopenings in beskotte van die kampanje of van die brug van sluitingsmiddels van klas 1 voorsien is, word 100 persent van die lengte van 'n doeltreffende skag verminder in verhouding van sy gemiddelde breedte tot B by die effektiewe lengte van die bobou gevoeg. Wanneer die toegangsopenings in hierdie beskotte nie van sluitingsmiddels van klas 1 voorsien is nie, word 90 persent van die lengte, verminder soos hierbo gemeld, bygetel.

(3) Wanneer die hoogte van die skag minder is as die standaardhoogte soos ooreenkomstig regulasie 93 bepaal, word die toevoeging waarna in subregulasie (2) verwys word, in die verhouding van die werklike tot die standaardhoogte verminder; wanneer die hoogte van luikhoofde op die skagdek minder is as die hoogte van luikhoofde wat ingevolge regulasie 66 vereis word, word die

with Class 1 or Class 2 closing appliances and the access openings in the after bulkhead have no closing appliances. 75 per cent of the length between the bulkheads shall be the effective length. Where the access openings in both bulkheads have no closing appliances or closing appliances less effective than Class 2 closing appliances, 50 per cent of the length shall be the effective length.

(3) Seventy-five per cent of the length of an open extension beyond the after bulkhead, and 50 per cent of that beyond the forward bulkhead, shall be the effective length.

104. FORECASTLE

(1) Where there is an efficient bulkhead and the access openings are fitted with Class 1 or Class 2 closing appliances, the length of the forecastle to the bulkhead shall be the effective length. Where no closing appliances are fitted and the sheer forward amidships is not less than the standard sheer, 100 per cent of the length of the forecastle forward of .1L from the forward perpendicular shall be the effective length.

(2) Where the sheer forward is half the standard sheer or less, 50 per cent of the length forward of .1L from the forward perpendicular shall be the effective length; and where the sheer forward is intermediate between the standard and half the standard sheer, an intermediate percentage of that length shall be the effective length.

(3) 50 per cent of the length of an open extension beyond the bulkhead or beyond .1L from the forward perpendicular shall be the effective length.

105. TRUNK

(1) A trunk or similar structure which does not extend to the sides of the ship shall be regarded as efficient provided that—

(*a*) the trunk is at least as strong as a superstructure;

(*b*) the hatchways are in the trunk deck and comply with the requirements of regulations 65 to 73 and the width of the trunk deck stringer provides a satisfactory gangway and sufficient lateral stiffness;

(*c*) a permanent working platform fore and aft fitted with guard rails is provided by the trunk deck or by detached trunks connected to other superstructures by efficient permanent gangways;

(*d*) ventilators are protected by the trunk, by watertight covers or by equivalent means;

(*e*) open rails are fitted on the weather portions of the freeboard deck in way of the trunk for at least half their length;

(*f*) the machinery casings are protected by the trunk, by a superstructure of standard height, or by a deck house of the same height and of equivalent strength.

(2) Where access openings in poop and bridge bulkheads are fitted with Class 1 closing appliances, 100 per cent of the length of an efficient trunk reduced in the ratio of its mean breadth to B shall be added to the effective length of the superstructures. Where the access openings in these bulkheads are not fitted with Class 1 closing appliances 90 per cent of the length reduced as above shall be added.

(3) Where the height of the trunk is less than the standard height as determined in accordance with regulation 93, the addition referred to in subregulation (2) shall be reduced in the ratio of the actual to the standard height; where the height of hatchway coamings on the trunk deck is less than the height of coamings required by

werklike hoogte van die skag met 'n hoeveelheid verminder wat ooreenkom met die verskil tussen die werklike hoogte van die luikhoofde en die hoogte wat in regulasie 66 vereis word.

EFFEKTIEWE LENGTE VAN 'N INGESLOTE BOBOU MET OPENINGS WAT IN DIE HARTLYN GELEË IS

106. Ingeslote Bobou met Openings in die Hartlyn Geleë wat nie van Blywende Sluitingsmiddels voorsien is nie

In die geval van 'n ingeslote bobou met een of meer openings in die middevlak in die dek wat nie van blywende sluitingsmiddels ooreenkomstig regulasies 65 tot 72 voorsien is nie, word die effektiewe lengte van die bobou as volg bepaal:

(*a*) Wanneer daar nie vir doeltreffende tydelike sluitingsmiddels van die openings in die middevlak in die dek ooreenkomstig regulasie 98 voorsiening gemaak is nie of die breedte van die opening 80 persent of meer bedra van die breedte (B_1) van die boboudek op die middel van die opening gemeet, word dit beskou dat die skip ter plaatse van elke opening 'n oop kuil het en moet waterafvoerpoorte op die plek van hierdie kuil aangebring word. Die effektiewe lengte van die bobou tussen openings word bepaal deur regulasies 101, 103 en 104 toe te pas.

(*b*) Wanneer doeltreffende tydelike sluitingsmiddels van die openings in die middevlak in die dek aangebring is en die breedte van die opening minder is as $.8B_1$, word die effektiewe lengte van 'n bobou tussen openings bepaal deur regulasies 101, 103, en 104 toe te pas, behalwe dat, wanneer toegangsopenings in beskotte van tussendekke deur sluitingsmiddels van klas 2 gesluit is, daar geag word dat hulle deur sluitingsmiddels van klas 1 gesluit is. Die totale effektiewe lengte word verkry deur by die lengte aldus bepaal, die verskil tussen daardie lengte en die skeepslengte by te reken, gewysig in die verhouding—

$\frac{B_1-b}{B_1}$ waar b = die breedte van die dekopening;

wanneer $\frac{B_1-b}{B_1}$ groter is as .5 word dit beskou as .5.

AFTREKKING VIR BOBOU

107. Aftrekkings

Wanneer die effektiewe lengte van 'n bobou 1.0L is, moet 14 duim by 'n skeepslengte van 80 voet, 34 duim by 'n lengte van 280 voet en 42 duim by 'n lengte van 400 of meer van die vryboord afgetrek word; aftrekkings by tussenliggende lengtes moet deur interpolasie verkry word. Wanneer die totale effektiewe lengte van 'n bobou minder as 1.0L is, moet die aftrekking 'n persentasie beloop wat uit onderstaande tabel verkry word:

regulation 66, a reduction from the actual height of trunk shall be made corresponding to the difference between the actual height of the coamings and the height required by regulation 66.

EFFECTIVE LENGTH OF ENCLOSED SUPERSTRUCTURES WITH MIDDLE LINE OPENINGS

106. Enclosed Superstructures having Middle Line Openings without Permanent Means of Closing

Where there is an enclosed superstructure with one or more middle line openings in the deck not provided with permanent means of closing in accordance with regulations 65 to 72, the effective length of the superstructure is determined as follows:

(*a*) Where efficient temporary closing appliances are not provided for the middle line deck openings in accordance with regulation 98, or the breadth of opening is 80 per cent or more of the breadth (B_1) of the superstructure deck at the middle of the opening, the ship shall be regarded as having an open well in way of each opening, and freeing ports shall be provided in way of this well. The effective length of superstructure between openings shall be ascertained by applying regulations 101, 103 and 104.

(*b*) Where efficient temporary closing appliances are provided for middle line deck openings and the breadth of opening is less than .8 B_1 the effective length of superstructure between openings shall be ascertained by applying regulations 101, 103 and 104, except that where access openings in 'tween deck bulkheads are closed by Class 2 closing appliances, they shall be regarded as being closed by Class 1 closing appliances. The total effective length shall be obtained by adding to the length thus determined the difference between that length and the length of the ship, modified in the ratio of—

$\frac{B_1-b}{B_1}$ where b = breadth of deck opening;

where $\frac{B_1-b}{B_1}$ is greater than .5 it is taken as .5.

DEDUCTIONS FOR SUPERSTRUCTURES

107. Deductions

Where the effective length of superstructures is 1.0L, the deduction from the freeboard shall be 14 inches at 80 feet length of ship, 34 inches at 280 feet length, and 42 inches at 400 feet length or above; deductions at intermediate lengths shall be obtained by interpolation. Where the total effective length of superstructures is less than 1.0L, the deduction shall be a percentage obtained from the following Table:

Bobou.	Totale effektiewe lengte van bobou (E).											Lyn.
	0.	·1L.	·2L.	·3L.	·4L.	·5L.	·6L.	·7L.	·8L.	·9L.	1·0L.	
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Alle tipes met voorkasteel en sonder vrystaande brughuis	0	5	10	15	23·5	32	46	63	75·3	87·7	100	A
Alle tipes met voorkasteel en vrystaande brughuis*	0	6·3	12·7	19	27·5	36	46	63	75·3	87·7	100	B

*Wanneer die effektiewe lengte van 'n vrystaande brughuis minder is as ·2L, word die persentasie deur interpolasie tussen die lyne B en A verkry.

Wanneer daar geen voorkasteel aangebring is nie, word bogenoemde persentasies met 5 verminder.

Persentasies vir tussenliggende lengtes van bobou word deur interpolasie verkry.

Superstructures.	Total effective length of superstructures (E).											Line.
	0.	·1L.	·2L.	·3L.	·4L.	·5L.	·6L.	·7L.	·8L.	·9L.	1·0L.	
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
All types with forecastle and without detached bridge	0	5	10	15	23·5	32	46	63	75·3	87·7	100	A
All types with forecastle and detached birdge*	0	6·3	12·7	19	27·5	36	46	63	75·3	87·7	100	B

*Where the effective length of a detached bridge is less than ·2L, the percentages shall be obtained by interpolation between lines B and A.
Where no forecastle is fitted, the above percentages shall be reduced by 5.
Percentages for intermediate lengths of superstructures shall be obtained by interpolation.

SEEG

108. ALGEMEEN

(1) Die seeg word aan die sykant gemeet vanaf die dek tot 'n verwysingslyn wat midskeeps parallel aan die kiel deur die seeglyn getrek is.

(2) In die geval van 'n gladdedekskip en 'n skip met vrystaande bobou, word die seeg by die vryboorddek gemeet.

(3) In die geval van 'n skip waarvan die bokant 'n buitegewone vorm het en waarby 'n terugwyking of verspringing in die bokant voorkom, word die seeg beskou in verhouding tot die gelykwaardige holte midskeeps.

(4) In die geval van 'n skip met 'n bobou van standaardhoogte oor die hele lengte van die vryboorddek, word die seeg op die boboudek gemeet; wanneer die hoogte die standaard oorskry, mag die seeg in verhouding tot die standaardhoogte beskou word.

(5) Wanneer 'n bobou intak is of toegangsopenings in sy begrensende beskotte het wat met sluitingsmiddels van klas 1 voorsien is en die boboudek minstens dieselfde seeg het as die blootgestelde vryboorddek, word die seeg van die ingeslote gedeelte van die vryboorddek nie in ag geneem nie.

109. STANDAARDSEEGLYN

Die ordinate (in duim) van die standaardseeglyn word in onderstaande tabel aangegee:

Plek waar gemeet.	Ordinaat.	Faktor.
A.L.	·1 L + 10	1
⅛L van A.L.	·0445 L + 4·45	4
¼L van A.L.	·011 L + 1·1	2
Midskeeps	0	4
¼L van V.L.	·022 L + 2·2	2
⅛L van V.L.	·089 L + 8·9	4
V.L.	·2 L + 20	1

A.L. = agterent van die somerlaswaterlyn.
V.L. = voorent van die somerlaswaterlyn.

110. METING VAN AFWYKINGS VAN DIE STANDAARDSEEGLYN

(1) Wanneer die seeglyn nie met die standaard saamval nie, word die sewe ordinate van elke lyn vermenigvuldig met die toepaslike faktore in die ordinatetabel aangegee. Die verskil tussen die somme van die onderskeie produkte, gedeel deur 18, gee die seegtekort of -oormaat aan.

(2) Wanneer die agterste helfte van die seeglyn groter is as die standaard en die voorste helfte kleiner is as die standaard, word die oormaat nie in aanmerking geneem nie.

(3) Wanneer die voorste helfte van die seeglyn die standaard oorskry, en die agterste gedeelte van die seeglyn minstens gelyk is aan 75 persent van die standaard, word die oormaat in aanmerking geneem; wanneer die agterste gedeelte minder as 50 persent van die standaard is, word geen rekening gehou met die voorste seegoor-

SHEER

108. GENERAL

